

# MATIE-land




Pectora roborant cultus recti

JAARGANG 4 NOMMER 2 AUGUSTUS 1960

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH




*„Totsiens, skat. Geniet die vakansie. Pas jou goed op—en moenie vergeet om te skryf nie."*



Beplan u 'n vakansie? Of 'n sakebesoek? Waar u ook al gaan sal Standard Bank Reisigerstjeks u reisgeld beveilig. U hoef nie noodwendig 'n bankrekening te hê nie — u koop hulle eenvoudig oor die toonbank by enige Tak van die Standard Bank.

U teken die tjeks as u hulle koop, en weer as u hulle kasseer of hulle in winkels en hotelle gebruik. Die twee handtekeninge moet ooreenstem —dit is u beveiliging.




*Standard Bank-reisigertjeks is verkrygbaar in eenhede van £2, £5 en £10 — in Suid-Afrikaanse geld en Sterling en in eenhede van £5 en £10 in Rhodesiese geld.*

***U eie handtekening beskerm u, en u hoef nie 'n bankrekening te hê om Standard Bank-reisigerstjeks te koop nie.***

Intam 14926/A







BESTE BRANDEWYN IN DIE BRITSE RYK


OUD-24a

# r-e-k hulle




# was hulle



**Wolnit**
SUPER



REKNYLON EN WOL-EN-REKNYLON

◀ VIR MANS EN SEUNS ▶

*Die Sokkies wat Voete kry* • *Een grootte pas elke voet*



**VIR ENERGIE VOOR DIE WEDSTRYD!**


KOO-Vrugtesappe — hulle verskaf u energie en stukrag vir enige kragmeting. KOO-Vrugtesappe verhoog u weerstandsvermoë, gee u meer lewenslus en veerkragtigheid — en is heerlik. Hulle smaak beter as vars vrugte. Goed om te drink en goed vir u — KOO-Vrugtesappe.

# KOO ‚BOORD-VARS' VRUGTESAPPE

**DIE SPESIAAL-VOORBEREIDE DRANKIE VIR DIE SPORTMAN**

*Pynappel verskaf lewenslus!*

**Ander gunsteling-geure:**
**Lemoen, Pomelo, Koejawel, Tamatie, Appelkoos, Perske, Pruim.**




**N.S. WEES ALMAL SE GUNSTELING! TRAKTEER U VRIENDE OP KOO-VRUGTESAPPE — HULLE VERSKAF ENERGIE DWARSDEUR DIE JAAR**

*43*

*jaar*

*se*

*uitstaande*

*beleggings-*

*en*

*versekerings-*

*dienste*

Santam se beleggings- en versekeringsdienste het oor 'n tydperk van 43 jaar al meer vertroue by die publiek ingeboesem sodat Santam en sekuriteit vandag sinoniem geword het.

Waarom beleggings by Santam nog steeds vinniger styg:— Aantreklike rentekoerse, tans 3½ — 5½%, rente halfjaarliks betaalbaar.

Sekuriteit bewys deur: 43 jaar se ononderbroke en bevredigende dienste sonder 'n pennie verlies aan rente of kapitaal deur 'n enkele kliënt, hoë reserwedekking en algehele afwesigheid van spekulatiewe bates of tipe besigheidstransaksies. Santam is ook 'n geregistreerde depositonemende instelling.

santam

TRUST: RENTE SONDER RISIKO

Ook op die gebied van versekering kan u volle beskerming en gemoedrus geniet deur ten volle by SANTAM te verseker teen: Storm, brand, ongevalle en siekte, inbraak, openbare aanspreeklikheid, eise insake motor- en derdepartyversekering, of watter skade of verlies ook al.

Santam

VERSEKERING SAL VERGOED

# MATIELAND

UITGEGEE VIR OUDSTUDENTE EN DONATEURS

DEUR DIE

## UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

ONDER REDAKSIE VAN

BUN BOOYENS

MET MEDEWERKING VAN

DIE AFDELING OPENBARE BETREKKINGE

JAARGANG 4 · AUGUSTUS 1960 · NO. 2

## INHOUD

REDAKSIONEEL

Universiteit, Weldoeners en Alumni .... 7
Die *Matieland*-fonds — ons Eer .... 8
Ons registreer oud-Maties .... 8

UNIVERSITEITSNUUS

Lede van die Raad van die Universiteit .... 9
Die Universiteitspersoneel .... 9
Dosente Oorsee .... 9
Die Afdeling Openbare Betrekkinge .... 9
Hoogleraar in Landbou-ingenieurswese .... 11
Nuwe Aanstellings .... 11
Aanstellings in Administratiewe Personeel .... 11
Administrasiegebou se Nuwe Voorkoms .... 11
Ruik en Klank — „Die Dans van die Reën" by Uniefees .... 11
Die Ere-burgerskap van Eikestad aan Regiment U.S. .... 12
Oor Kursusse .... 12
Oor Beurse .... 13
Studentegroep op Studiereis .... 13
Ons Unieke Vleisetende Plant .... 13
Kernnavorsingsinstituut .... 15
Dr. J. M. H. Hoge .... 15

ARTIKELS

Ons Koshuisstelsel .... 16
Die Opvoedkundige en Mediese Dienste van die N.G. Sending in Njassaland .... 21
Jeugwelsyn in Suid-Afrika .... 22

SÓ ONTHOU EK MATIELAND .... 25
SÓ BOU HUL MATIELAND .... 28
OUD-MATIEBONDTAKKE .... 29
VAN HEINDE EN VERRE .... 31
ONS ONTHOU HULLE .... 33
BRIEWEBUS .... 34
DIE „MATIELAND"-FONDS .... 35

BUITEBLADFOTO:
*Voor Minerva, Koshuis vir Eerstejaardamestudente*

# Universiteit, Weldoeners en Alumni

BY die viering van alle jubileumfeeste dring die verlede hom altyd onontvlugbaar op die voorgrond. Hy eis rekenskap, hy eis erkenning, hy eis die versekering dat wat deurlewe is, nie tevergeefs, onvrugbaar en 'n wegwerplike kleed geword het nie.

Só sal die Universiteit van Stellenbosch met sy Eeufeesviering ook sý rekenskap moet lewer. Só het die Victoria-kollege in 1918 met sy laaste buiging voordat die Universiteit die verhoog hom toegeëien het, sy pad agtertoe bedink en onbevrees die diens wat hy gegee het, beoordeel. In daardie betekenisvolle jaar vir die ou Kollege en vir ons Universiteit getuig ons groot alumnus en voormalige kanselier, dr. D. F. Malan: „. . . zoo kan men de waarde van een inrichting als het Victoria-Kollege het best beoordelen niet aan de sierlikheid van haar gebouwen, of de rijkdom van haar fondsen, of aan de degelikheid van haar kursus of haar professoren of zelfs aan haar schitterende eksamen-resultaten, maar enkel en alleen aan de mannen die zij geleverd heeft en de beslissende invloed die zij door hen uitgeoefend heeft op het leven van het volk en op Zuid-Afrika."

Hierin het die toets vir die prestasies van die Victoria-Kollege gelê, terwyl dit ten opsigte van ons Alma Mater en die studente-stroom oor die daaropvolgende half-eeu 'n profetiese woord was. Leierskap, leierskapsinvloed en leierskapsdiens sou die tekens word waarin die Universiteit van Stellenbosch en sy alumni hul taak hier en elders benader en volbring. Aan hierdie noodroep om leierskap en leiding op elke terrein van die volkslewe — geestelik, staatkundig, opvoedkundig, letterkundig, ekonomies, wetenskaplik, tegnies — was Stellenbosch nooit ontrou nie. Die antwoord is vir hom makliker gemaak deur enkelinge en instansies wat deur hul materiële skenkings en ondersteuning sélf 'n kanaal geopen het om diens te lewer of jong manne en vroue toe te rus vir hul taak.

Die taal van wyle dr. N. J. Brümmer in 1918, ten tyde van die oorgang van die Victoria-Kollege tot volwaardige Universiteit, verklank ook die gesindheid van ons weldoeners oor die jare heen: „Wij willen eenvoudige, goede — ,bruikbare' — mensen voor dit land hebben, en de universiteit moet ons die geven: mannen die het voortouw kunnen nemen, die dingen aanvooren en doorvoeren kunnen, die 't volk in dit land op elk gebied leiden zullen . . ." Twee-en-veertig jare is alweer intussen by ons verby. Deur die welwillendheid en roepingsbewustheid van ons donateurs en ons Alma Mater kon daardie „bruikbare" manne en vroue die lewe daarbuite betree en uit hul geledere het weldra 'n nuwe groep weldoener-alumni na vore getree om op hul beurt 'n ereskuld aan hul Universiteit en sy skenkers van weleer te vereffen. Hierdie proses sal in die toekoms in 'n besondere sin en in wyer en meer intense mate bewerkstellig en bewaarheid moet word.

As ons toegee dat elke verdienstelike en verstandelik-begaafde jongmens die geleentheid tot volle ontplooiing van sy geestelike vermoëns in diens van sy gemeenskap behoort te geniet, sal die toename in die studentetal altyd voortgaan. Hierdie toename mag egter nie ten koste van die peil van onderrig en die gehalte van die eindproduk geskied nie. Ons meer as 20,000 oud-Maties (onder wie daar nie minder as 10,000 is wat nog nie opgespoor is nie!) moet hulself organiseer en mobiliseer om op doeltreffende wyse universitêre opleiding, spesifiek aan ons Alma Mater, moontlik te maak vir al diegene wat nog moet kom.

Dit is goed dat ons almal die naderende eeufees van ons Universiteit as 'n unieke geleentheid sal sien (en sal benut) om die korrekte en gepaste onderlinge verhouding tussen die Universiteit, sy alumni en sy weldoeners te toets en te onderstreep, meer bepaald in die aard van 'n grootskaalse, tasbare en blymoedige demonstrasie deur oud-Maties om, as alumni ook die verdere onderskeiding te verwerf, van weldoeners van hul Alma Mater te wees.

## Die „Matieland"-fonds — Ons Eer

*Matieland* word eintlik op rekening van oud-Maties gedruk en versprei. Feit is egter dat die Universiteit kennelik handjie moet bysit om ons blad in oud-Maties se hande te plaas. Van verskeie lesers is reeds verneem dat hul nie in 'n geringe mate gekwel word deur hierdie las wat hul Alma Mater in belang van sy oud-studente moet dra nie.


*Matieland* stel hom dan ook die ideaal om sy fonds só uit te bou dat hy met die rente daarop, aangevul deur inkomste uit advertensies, volkome op eie bene sal kan staan.

Laat elke oud-Matie (ons spoor hul nog steeds op) dit 'n saak van eer maak om die verpligtinge van die Universiteit teenoor ons blad te beperk of op te hef, deur van alle kante bydraes (saam met 'n geselsbriefie) te stuur aan: *Die Hoof, Afdeling Openbare Betrekkinge, Universiteit, Stellenbosch.* (Oud-Maties wat reeds so bedagsaam was om bydraes te stuur, moet asseblief die voublaadjie wat ons weer by hierdie uitgawe insluit, ignoreer.)

## Ons Registreer Oud-Maties . . .

NEE . . . nie met die oog op die referendum nie, maar om te verseker dat hulle *Matieland* ontvang en in voeling bly met hul Alma Mater.

Nou ís dit eenmaal waar dat niks ter wêreld so ontwykend — beweeglik as 'n oud-Matie is nie — hy is oral broodnodig en oral 'n aanwins. Maar só is sy naam en adres ook vir Matieland! Vergeet dus nie om met elke verhuising u nuwe adres te stuur aan: Die Hoof, Afdeling Openbare Betrekkinge, Universiteit, Stellenbosch. (En stuur dan sommer elke keer 'n paar name en adresse van ander ongeregistreerde oud-Maties in u omgewing, dorp of straat saam, asseblief!)



*„Matieland" aan u adres.*

# UNIVERSITEITSNUUS

### *Lede van die Raad van die Universiteit*

SY Edele adv. J. H. Conradie en ds. A. G. E. van Velden (in sy hoedanigheid as Voorsitter van die Stellenbosse Skoolraad) is deur Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal heraangestel as lede van die Universiteitsraad vir die tydperk 2 April 1960 tot 1 April 1964.

MNR. P. K. MORKEL, dr. A. E. Rupert en prof. dr. F. D. du T. van Zijl is deur die Konvokasie herkies tot lede van die Raad van die Universiteit, mnr. J. F. Kirsten en prof. W. J. Pretorius deur die donateurs en mnr. A. P. Venter deur die Afdelingsraad. Die dienstydperk van al hierdie here strek van 2 April 1960 tot 1 April 1964.

PROFF. H. E. BRINK, A. C. Cilliers en J. F. Kirsten is deur die Senaat as sy verteenwoordigers in die Raad vir die tydperk 1 Junie 1960 tot 31 Mei 1962 verkies.

MNR P. A. WEBER, mede-besturende direkteur van die Nasionale Pers Beperk is so pas onbestrede deur die Konvokasie tot lid van die Universiteitsraad verkies. Mnr. Weber kom in die plek van Sy Edele dr. T. E. Dönges, wat sedert verlede jaar Kanselier van die Universiteit is. Mnr. Weber, 'n oud-Matie (B.A. 1925), sal die onvoltooide dienstermyn van dr. Dönges wat op 1 April 1962 eindig, afrond.

### *Die Universiteitspersoneel*

DIE Rektor, prof. dr. H. B. Thom, het die Universiteit verteenwoordig by die Uniale Kultuurkonferensie wat op 25 Junie in Johannesburg gehou is.

PROF. C. G. W. SCHUMANN, Dekaan van die Fakulteit van Handel, het aangekondig dat hy sy professoraat in Bedryfsekonomie aan die einde van die jaar gaan neerlê.

DR. J. M. LOUW, Senior Lektor in Siviele Ingenieurswese, het sy betrekking op 30 Junie neergelê.

PROFF. E. THERON, C. G. W. Schumann en N. J. J. Olivier is deur die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap vir twee jaar benoem tot verteenwoordigers op komitees van die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing.

PROF. A. B. VAN DER MERWE en dr. I. J. van Biljon het die Universiteit verteenwoordig by die onlangs gehoue Kongres en Algemene Jaarvergadering van die S.A. Sielkundige Vereniging te Durban.

PROF. C. G. W. SCHUMANN is benoem tot Voorsitter van die Kommissie van Ondersoek oor die Finansiële Verhoudinge tussen die Sentrale Regering en die Provinsiale Administrasies.

### *Dosente Oorsee*

MET die oog op die voorgestelde hospitaal te Parow het prof. A. J. Brink, professor van Interne Geneeskunde, vergesel van dr. J. H. Cairns en mnr. K. W. Hamilton oorsee vertrek ten einde 'n studie te maak van die nuutste ontwikkeling op die gebied van die oprigting van hospitale

MNR. W. C. DEMPSEY, Senior Lektor in Bedryfsekonomie en tans Burgemeester van Stellenbosch, het na Engeland vertrek waar hy ingevolge 'n Statebondsplan as gas van die Britse Regering nywerheids- en finansiële instellinge in daardie land sal besoek.

PROF. A. G. HOOPER, hoogleraar in Engels, en mev. Hooper het op 'n vakansietoer na Engeland en die V.S.A. vertrek. Sy langverlof strek van 1 Julie tot 31 Desember.

MNR. J. C. KELDER, Lektor in Liggaamlike Opvoeding, sal gedurende Augustus en September 'n Internasionale Kongres vir Liggaamlike Opvoeding, 'n Internasionale Konferensie oor Sport as Vryetydsbesteding aan die Universiteit en die Spele van die 17e Olimpiade in Europa bywoon.


### *Die Afdeling Openbare Betrekkinge*

KRAGTENS 'n Raadsbesluit in Junie vanjaar sal die Inligtingsburo van ons Universiteit voortaan bekend staan as die *Afdeling Openbare Betrekkinge.*

Mnr. P. J. Lombard (M.A.) is Hoof van die Afdeling, terwyl mnr. J. E. M. Verwey (M.A.) optree as Skakelbeampte

Die *Afdeling Openbare Betrekkinge* het reeds sy nuwe kantore in die onlangs-uitgebreide Administrasiegebou betrek.

# *DIE* MATIES WEN, MATIES WEN .... INTERVARSITY (11–3)! 1960




Rom . . .
Rom . . .
Rom . . . !



Die
Eerste
Drie

### *Hoogleraar in Landbou-Ingenieurswese*

MNR. R. P. PEROLD, Senior Lektor in Landbou-Ingenieurswese, is met ingang 1 Februarie 1960 benoem tot hoogleraar in Landbou-Ingenieurswese. Prof. Perold het sy opleiding aan die Universiteite van Stellenbosch



*Prof. R. P. Perold.*

en Kaapstad geniet waar hy die grade B.Sc. (1936) en B.Sc. Siv. Ing. (1939) onderskeidelik behaal het. Daarna, tot 1947, was hy as ingenieur werksaam by die Departement Paaie van die Kaapse Provinsiale Administrasie. Die aanbou van die Steenbras-Rooi Els-kuspad en van die Nasionale Pad in die Transkei was sy besondere verantwoordelikheid. In 1947 is mnr. Perold aangestel as Senior Lektor aan die S.E. Landboukollege van die Universiteit van Stellenbosch (sy geboorteplek), 'n betrekking wat hy tot 1960 beklee het. Verskeie wetenskaplike publikasies het reeds van prof. Perold verskyn.

*Matieland* wil graag hierdie oud-Matie opreg gelukwens met sy bevordering.

### *Nuwe Aanstellings*

MNR. J. G. V. JOUBERT, as senior lektor in Akkerbou/Weiding (1 Julie 1960); dr. M. J. de Vries as senior lektor in Fisiese Chemie (1 Julie 1960); dr. D. J. Marais as senior lektor in Fisika (1 Mei 1960); mnr. J. C. Roelofse as senior lektor in Fisika (1 Julie 1960); mnr. M. Grut as lektor in Bosbou (1 Oktober 1960); mnr. M. C. B. Smit as lektor in Fisika (1 Junie 1960); mej. O. Weiss as tydelike junior lektrise in Volkekunde (1 Julie—31 Desember 1960); mnr. Lionel Bowman as tydelike senior lektor (1 Julie 1960—30 Junie 1961); mnr. C. H. M. de Beer as lektor in Elektrotegniese Ingenieurswese; mnr. J. H. Giliomee as lektor in Entomologie (1 Maart 1960); mnr. J. F. Pienaar as lektor in Siviele Ingenieurswese (1 Julie 1960); mnr. M. J. J. Slabber as lektor in Werktuigkundige Ingenieurswese (1 Augustus 1960).

### *Aanstellings in Administratiewe Personeel*

MNR. J. R. OLIVIER (B.A. 1954, B.Ed. 1959), verbonde aan die Paul Roos-Gimnasium, is met ingang 1 Januarie 1961 en mnr. G. du Plooy (Hons.-B.A. 1959), tegniese assistent in die Departement van Geskiedenis, met ingang 1 Oktober 1960 aangestel in die administratiewe personeel van die Universiteit.

### *Administrasiegebou se Nuwe Voorkoms*

TEEN die tyd dat *Matieland* in die hande van ons lesers kom, sal die werk aan die herbeplanning en uitbreidings van ons Administrasiegebou reeds voltooi wees. Die vergroting en heraanpassing van die gebou, om tred te hou met die ontwikkeling van die Universiteit en die toename in die studente-tal, kom as 'n noodsaaklike en welkome verwesenliking van 'n lank-vertroetelde wens.

In hoofsaak maak die toevoegings voorsiening vir 'n nuwe uitbreiding aan die westekant, waar die kantore van die Rektor en die Registrateur ingerig word. In dieselfde deel verrys 'n waardige Senaatsaal. Op 'n ekstra verdieping, wat oor die hele lengte van die gebou strek, sal die personele van die Groot Woordeboek en die Afdeling Openbare Betrekkinge gehuisves wees.

Die hele Administrasiegebou is só herbeplan dat amptenare aan studente en besoekers voortaan die mees doeltreffende diens sal kan lewer. Die „kantoor", met sy imponerende nuwe ingang, maak voorwaar 'n treffende en Alma Mater-waardige indruk.


Ook vir *Matieland* is ruim in ons gebou voorsiening gemaak en oud-Maties sal in 'n besondere sin welkom wees in ons kantoor.

## *RUIK EN KLANK*


*DIE DANS VAN DIE REËN BY UNIEFEES*

*(DEUR JAN BOUWS)*


IN 'n hoofartikel van *Die Burger* van 18 Junie kla die redakteur dat die Moederstad t.o.v. die Uniefees in Bloemfontein „Net die



*Mnr.*
*Philip McLachlan.*



*Mnr.*
*Hubert du Plessis.*



*Mnr.*
*Anton Hartman.*

Ruik" gehad het, terwyl prof. Chisholm in die *Cape Times* van dieselfde dag orakel dat ons aan dié fees onmoontlik so 'n goeie herinnering sal behou, wat die verwerpte Suid-Afrikaanse werke betref, as dié wat wel gespeel is.

Afgesien van die feit dat darem Arnold van Wyk se PRIMAVERA uitgevoer is, voel Stellenbosch sekerlik meer bevoorreg, nie alleen deur die opvoering van DIE DANS VAN DIE REËN van Hubert du Plessis nie, maar ook deur die optrede van die Universiteitskoor van Philip McLachlan, aan wie die eervolle taak opgedra was, om saam met die S.A.U.K. se Simfonieorkes, onder leiding van Anton Hartman, die nuwe werk van die Stellenbosse komponis tot 'n klinkende belewenis te maak. Dit is seker nie te veel gesê nie, dat alle Stellenbossers op die verhoog, in die saal en tuis by hulle radio-toestel, op die aand van 27 Mei met groot dankbaarheid vervul was, dat hulle hierdie kosbare oomblikke van intense kunsgenot kon meemaak. Die komponis het dit vir die uitvoerders van sy koorwerk nie maklik gemaak nie. *Nil volentibus arduum,* niks is moeilik vir hulle wat wil nie. Is dit so? Ten opsigte van Anton Hartman se orkes en Philip McLachlan se Stellenbosse Universiteitskoor kan ons dit byna glo.

In *Eikestadnuus* is die mening uitgespreek, dat DIE DANS VAN DIE REËN 'n datum in ons musiekgeskiedenis is. Ons word hierin nog versterk deur die volgende woorde van prof. W. J. du P. Erlank in dieselfde blad: „Ek het ná die radio-uitsending die gedig weer gaan lees, en flarde van die musiek het dralend gehang om die ou bekende woorde, en toe het hulle soos 'n vloeibare element ingesypel in die teks. Ek weet nie of ek hulle ooit weer sal kan skei nie."

'n Groter hulde kan 'n komponis vir sy koorwerk nie verlang nie!

## Die Ere-burgerskap van Eikestad aan Regiment U.S.

BY geleentheid van 'n luisterryke funksie en in die teken van ontblote bajonette, trompetgeskal en groot openbare belangstelling, is die ere-burgerskap van Stellenbosch op Saterdag, 14 Mei, aan die Regiment Universiteit Stellenbosch (R.U.S.) toegeken.

Hierdie burgermageenheid aan die Universiteit is vanjaar in die lewe geroep. Dit is 'n tweetalige eenheid en die bedoeling is dat studente van die Universiteit van Stellenbosch wat dienspligtig is en deur loting vir opleiding getrek word (±25% van die eenheid se jaarlikse sterkte), by die eenheid ingedeel sal word. Die offisiere word uit die personeel van die Universiteit gewerf.

Die eenheid is 'n infanteriebataljon wat aanvanklik uit 'n hoofkwartier en twee kompanies, met 'n sterkte van ongeveer 220 manskappe, sal bestaan. Dit kan moontlik later tot drie kompanies met 'n sterkte van 324 manskappe uitgebrei word. Die burgermageenheid Regiment Tobie Muller is ontbind en die offisiere en manskappe van hierdie eenheid na die Regiment Universiteit Stellenbosch oorgeplaas.

## Oor Kursusse

DIE Universiteitsraad het sy goedkeuring daaraan geheg dat die M.D.-graad, benewens ander rigtings, ook in die vakrigtings Patalogie

en Röntgenologiese Diagnose en die M.Med.-graad ook in die vakrigting Dermatologie ingestel word.

* * *

Vanaf 1961 bied die Universiteit van Stellenbosch 'n nuwe B.Sc.-kursus in Landbou-Ingenieurswese aan. Prof. R. P. Perold is onlangs as die eerste hoogleraar in hierdie rigting aangestel.

* * *

Die Raad van die Universiteit het met genoeë kennis geneem van 'n mededeling van die Britse „Institution of Electrical Engineers" dat persone wat in besit is van die B.Sc.- en B.Ing.-graad (Elektrotegnies) van ons Universiteit voortaan vrygestel sal word van die toelatingseksamen vir lidmaatskap van dié Vereniging.

* * *

Die Universiteitsraad het besluit om 'n vierjarige kursus ter verkryging van die Sertifikaat in die Teorie van Rekeningkunde, as 'n spesiale studierigting, met ingang 1960 by die buitemuurse afdeling van die Handelsfakulteit te Bellville in te stel.

Die kursus in die onderskeie vakke is in ooreenstemming met die vereistes wat die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad stel vir toelating tot die finale kwalifiserende eksamen vir geoktrooieerde rekenmeesters.

## Oor Beurse

MUSHET-BEURSE

DIE testament van wyle mnr. J. W. Mushet en mev. A. H. E. Mushet maak voorsiening vir die instelling van *twaalf* beurse vir die Universiteit van Stellenbosch en Kaapstad tesame. Studente wat graadkursusse in die medisyne, snykunde, ingenieurswese of argitektuur en ekonomie of sosiologie volg, kan voortaan in aanmerking kom vir hierdie nuwe studiebeurse.

Die beurse bedra £200 per jaar vir die duur van elke kursus en die beursgelde word uit 'n trustfonds beskikbaar gestel. Nadat voorsiening vir die genoemde beurse gemaak is, mag die balans van die fonds aangewend word as reisbeurse aan na-graadse studente in een van die genoemde studierigtings.

TOEKENNING VAN „CAPE ARGUS"-BEURSE

Die „Cape Argus"-eeufeesstudiebeurse, elk vir twee jaar, is toegeken aan mej. Hettitia McGregor en mnr. P. E. J. M. Laridon.

NIEU-SEELANDSE EN AUSTRALIESE BEURSE

Die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap deel mee dat Nieu-Seeland en Australië vanaf 1961 beurse aan Suid-Afrikaanse studente vir na-graadse studie in daardie lande beskikbaar stel.

„ALLIED"-BEURS

Die Allied Building Society het by geleentheid van die inwyding van sy nuwe gebou in Kaapstad besluit om 'n beurs van £75 per jaar vir drie jaar aan elk van die Universiteite van Stellenbosch en Kaapstad toe te ken. Die vooruitsig is dat die beurstoekenning ná drie jaar verleng sal word.

FARMER'S WEEKLY-MEDALJES

Die Universiteit het met dank en waardering die aanbod van die Farmer's Weekly aanvaar om jaarliks twee medaljes aan belowende studente in die Landbou beskikbaar te stel. Die Universiteitsraad het besluit dat die medaljes die A. I. Perold- en die P. A. van der Byl-medalje sal heet en dat dit jaarliks aan die twee beste finalejaarstudente in die B.Sc. (Landbou)-kursus toegeken sal word.

## Studentegroep op Studiereis

'N DERTIGTAL studente van die Departement van Sosiologie en Maatskaplike Werk het tydens die afgelope wintervakansie 'n studiereis na die Noorde, meer bepaald die Vrystaatse Goudveld, die Rand en Pretoria onderneem. Die groep is gelei deur dr. Jan J. de Villiers, lektor in Maatskaplike Werk, en het interessante inrigtings waarvan daar weinig of geen in Kaapstad verteenwoordig is, besoek, soos tehuise en inrigtings vir naturellewerkers, bejaardes, serebraalbelemmerde kinders, alkoholiste en beseerde werkers.

Die Johannesburgse reis is gereël deur die Departement van Sosiologie en Maatskaplike Werk van die Universiteit van die Witwatersrand. Die studiegroep het dikwels op hul reis by oud-Maties tuisgegaan en só die gemeenskaplike bande weer stewig aangebind.

## Ons Unieke Vleisetende Plant

IN die botaniese tuin van die Universiteit staan 'n seldsame, vleisetende plant, *Heliamphora*

Bank
en spaar
by u eie bank

U voel tuis
by

# VOLKSKAS

**BEPERK**

*(Geregistreerde handelsbank)*

*Hoofkantoor: Pretoria*

V21248A

*nupans*. Dit blyk dat hierdie plant tans die enigste van sy soort in die wêreld is, luidens 'n brief wat mnr. A. G. Herre, tuinier van die Universiteit van Stellenbosch, vroeër vanjaar van die Kurator van die Royal Botanical Gardens ontvang het. Al die plante van hierdie soort in die botaniese tuin in Edinburgh, sowel as dié wat na ander tuine gestuur is, het die weg van alle vlees gegaan. Die briefskrywer vra nou 'n eksemplaar, selfs 'n geringe deeltjie daarvan.

Tot in 1955 het net die Royal Botanical Gardens in Edinburgh hierdie plant besit. Dr. P. C. de Villiers, wat Skotland besoek het, het in daardie jaar 'n plantjie saamgebring en dit op Stellenbosch kom plant. Terselfdertyd is plantjies na ander botaniese tuine in die wêreld gestuur.

Stellenbosch sé plant het welig gegroei en aangeteel. Die Universiteit oorweeg dit nou om 'n plantjie, 'n spruitjie uit die stamland, te repatrieer.

### Kernnavorsingsinstituut

DIE gesamentlike onderneming deur die Universiteite van Stellenbosch en Kaapstad om 'n instituut vir kernnavorsing in Wes-Kaapland in die lewe te roep, is reeds so ver gevorder dat die oktrooi van oprigting deur albei universiteite goedgekeur is, en eersdaags hopelik deur die Atoomkragraad bekragtig sal wees. Die projek wat op 120 morge grond te Bellville gestalte sal aanneem, beoog praktiese navorsing wat die landbou, nywerheid (die visserynywerheid inbegrepe), geneeskunde, sowel as suiwer wetenskap ten goede sal kom.

Die instituut sal 'n unieke kanaal in Wes-Kaapland skep vir die opleiding van tegniese en navorsingspersoneel en studente in uiteenlopende wetenskap-, nywerheids- en handelsrigtings.

Die oktrooi bepaal dat die Beheerraad van die instituut sal bestaan uit die twee Rektors van elke Universiteit, drie hoogleraars van elk, en 'n verteenwoordiger van elk van die volgende: die W.I.N.R., die Atoomkragraad, die Provinsiale Administrasie, die georganiseerde nywerheid en die georganiseerde handel in Kaapland.

Die van stapel-stuur van die onderneming sal na verwagting groot uitgawe meebring, aangesien die Van de Graaff-versneller alleen £180,000 sal kos. Die totstandkoming van hierdie skema sal wetenskaplike, nywerheids- en algemene navorsing op 'n hoë vlak in Wes-Kaapland en tewens in Suid-Afrika plaas.

### † Dr. J. M. H. Hoge

ENKELE weke gelede het ons die berig ontvang dat dr. Hoge tydens 'n staptoer in Suid-Duitsland skielik ten gevolge van 'n hartaanval oorlede is.

Hy was 34 jaar verbonde aan ons Universiteit, en het in Mei 1922 na Stellenbosch gekom om, as senior lektor, prof. E. Friedlaender behulpsaam te wees in die Departement van Duits. Omdat hy sy taak met groot deeglikheid en toewyding verrig het, het hy spoedig die agting en toegeneentheid van kollegas en studente verwerf. Honderde studente het aan sy voete gesit en baat gevind by sy konsensieuse en bekwame onderrig.

Maar sy taak was nie beperk tot onderwys nie. Dr. Hoge was 'n navorser van formaat. Omdat die nuwe departement met karige middele gestig was en fasiliteite vir navorsingswerk nog ontbreek het, het hy die werk van C. C. de Villiers aan die einde van die vorige eeu i.v.m. die Suid-Afrikaanse genealogie voortgesit en voltooi. Met Duitse deeglikheid het hy baie jare alle argiewe gefynkam op soek na gegewens oor die oudste generasies van die Afrikaanse families. Sy bevindings is geboekstaaf in die groot werke „Bydraes tot die Genealogie van ou Afrikaanse Families" en „Personalia of the Germans at the Cape 1652-1806". Daarby het gekom „Die Geskiedenis van die Lutherse Kerk aan die Kaap" en talle van korter geskiedkundige artikels. Hier is 'n reuse-taak in die verloop van 30 jaar verrig. Dit sal altyd getuig van die besieling, die volharding waarmee dit gedoen is, en ook van dr. Hoge se liefde vir hierdie land en sy mense. Toe hy 'n jaar na sy aftrede, in Maart 1956, genoop is om na sy vaderland terug te keer, het hy met 'n beswaarde gemoed afskeid geneem.

Na sy terugkeer het hy egter nie die welverdiende rus gaan geniet nie, maar nog geruime tyd 'n pos as dosent van Afrikaans aan die Universiteit van Hamburg beklee.

Dr. Hoge sal in die harte van sy kollegas, vriende en oud-studente voortleef as 'n waardige en baie minsame verteenwoordiger van die Duitse kultuur en wetenskap in ons land.

J. TRÜMPELMANN.

# Ons Koshuisstelsel

UIT hoofde van die feit dat die Universiteit van Stellenbosch in 'n heel besondere sin 'n residensiële Universiteit is, vorm die behoorlike huisvesting van so 'n groot aantal studente 'n integrale en uiters belangrike deel van sy administrasie. Meer as die helfte van die studente-korps gaan in koshuise tuis, terwyl die Universiteit hom ook daadwerklik beywer om geskikte en goedgekeurde privaatlosies te verkry vir manstudente wat nie daarin slaag om in koshuise opgeneem te word nie.

Aansoeke om losies in 'n Universiteitskoshuis geskied op 'n voorgeskrewe vorm, verkrygbaar by die Registrateurskantoor, en oorweging van aansoeke vind in Oktober van elke jaar plaas sodat suksesvolle applikante vroeg in November in kennis gestel word van hul toelating. Omdat die getal aansoekers die beskikbare losies elke jaar oortref, moet die skoolprestasie, soos dit spreek uit die September-eksamens en die vertroulike rapport van skoolhoofde, as die gewigtigste maatstaf by beoordeling beskou word. Sodra 'n kandidaat goedgekeur is, moet hy/sy binne 21 dae 'n deposito van £7 10s. stort.

Die volgende koshuise, in orde van ouderdom en met die getal studente wat elkeen huisves tussen hakies, is die eiendom van die Universiteit en word direk deur hom bestuur en beheer. (Oud-Maties kan gerus die bekende name uit hul dae daarop onderstreep):

Wilgenhof (105 Mans), h/v Van Ryneveld- en Victoriastraat.

Harmonie (69 Dames), Neethlingstraat.

MacDonaldhuis (30 Dames), Van Ryneveldstraat.

John Murray-huis (Dagbreek) (450 Mans), Victoriastraat.

Greylock (29 Dames), Van Riebeeckstraat.

Monica (119 Dames), Neethlingstraat.

*Aankoms in „Matieland".*






*Nuwelinge word verwelkom.*



*Ons wil graag my kamer en my „kammie" sien!*

Huis ten Bosch (98 Dames), Bosmanstraat.
Huis Van Niekerk (160 Dames), Victoriastraat.
Huis De Villiers (116 Dames), Neethlingstraat.
Helderberg (202 Mans), Piet Retiefstraat.
Huis Marais (120 Mans), h/v Bosmanstraat en Merrimanlaan.
Huis Visser (127 Mans), Merrimanlaan.
Lydia (154 Dames), Hofmeyrstraat.
Simonsberg (279 Mans), Merrimanlaan.
Minerva (209 Dames), Hofmeyrstraat.

Van die byna 2,270 studente (uit 'n totale inskrywing aan die Universiteit van 4,445) in koshuise is naastenby 1,000 dames wat ook 'n goeie weergawe is van die getal damestudente aan die Universiteit, naamlik ± 'n kwart van die totale inskrywing. Die koshuise Minerva, Harmonie en Greylock huisves uitsluitlik eerstejaardamestudente en hoofdames (raadgeefsters), terwyl daar in John Murrayhuis



*Rustige ontspanningstoneel voor Huis de Villiers.*



*Sy tuiste is in Seksie 14 (Dagbreek).*

(Dagbreek) 340 eerstejaarmanstudente en 110 senior manstudente (van wie 18 as raadgewers optree) tuisgaan. Die oorblywende koshuise huisves slegs senior studente.

Aan die hoof van elke manskoshuis staan 'n Inwonende Professor wat verantwoordelik is vir die bestuur en beheer van die koshuis. (Wilgenhof beskik oor die dienste van 'n besoekende Professor.) 'n Prinsipale staan aan die hoof van elke dameskoshuis. Elke koshuis van die Universiteit kies sy eie Huiskomitee en die Primarius(a) moet jaarliks 'n verslag oor sy/haar huishoudelike sake aan die Universiteitsowerheid voorlê.

'n Nuwe manskoshuis met huisvesting vir 250, geleë in die noordoostelike hoek van die hokkievelde bokant Huis van Niekerk (Sonop), is byna voltooi, en die oprigting van nog 'n dameskoshuis vir 200 word binne die volgende twee of drie jaar in vooruitsig gestel. Die herbouing van Wilgenhof, deels uit fondse deur oud-Wilgenhoffers bygedra, sal wellig ook binne afsienbare tyd geskied.

Die administrasie van al hierdie koshuise is op sigself 'n omvattende organisasie met sy eie personeel, kantore, pakhuise en vervoer. Die sentrale Universiteitspakhuis is die depot waaruit al die koshuise voorrade, voedsel en uitrusting ontvang. Tenders vir die lewering van voorrade word in 'n bepaalde jaar gevra vir aflewering in die volgende jaar. Bestellings van voorrade deur die jaar word volgens behoefte geplaas. Die aflewering van die groot verskeidenheid voorrade geskied volgens bepaalde geroetineerde metodes en tye.


Syfers wat die verbruik van voorrade in Universiteitskoshuise aantoon, gee die buitestaander 'n treffende aanduiding van die rol wat die koshuis-administrasie binne die raamwerk van die Universiteit speel. Interessantheidshalwe gee ons oud-Maties, wat moontlik deesdae met hul eie huishoudelike begroting worstel, 'n insage in die verbruike deur ons koshuise.

Die volgende syfers verteenwoordig die *maandelikse* voorrade (in hierdie geval dié van Maart 1960):


| | | |
|---|---|---|
| Brandstof . ... .. | 12,550 | gellings |
| Brood | | |
| Wit (2 lb.) .... .... | 4,123 | |
| Bruin (2 lb.) .. ... | 11,153 | |
| Botter .. ... .. .... | 5,497 | pond |
| Eiers .... .. .... .. | 5,255 | dosyn |
| Vars melk .... .... .... | 6,656 | gellings |
| Kruideniersware (allerlei) .. . .... .... .... | £2,313 | |



*Die lewe is nie* pure *akademie nie, wat bog!*



*Arbeid by snarespel.*



*Die pakhuis van koshuisvoorrade.*


# Dis nou vir jou lewe, hoor! ... en dis vir jou bier

### *Vriende, voedsel en koue Castle*

As daar te kies en te keur op die tafel is en 'n man jou eerste watertand-lekker hap neem — is koue Castle dubbel welkom. Heerlike, skuimkoue Castle is geurryk aan smaak en kragryk aan goeie, gesonde bestanddele; daarby pas dit by iedere geleentheid. Geniet Castle — die keurbier vir louter plesier — in kannetjies of bottels.




**SUID-AFRIKA SE UITSOEKBIER**



Grant 345/5728



Lesers wat hou van De Kruif, Hendrik van Loon en Hogben se boeke, sal hierdie ongewone verhaal van die wêreld se grootste argeoloë en hul onvergeetlike prestasies baie geniet.

*Gode, Grafte en Geleerdes*

**deur C. W. Ceram**
**Prys 35/-**

Het reeds in 19 Vertalings Verskyn
Verkrygbaar by alle Boekhandelaars

**NASIONALE BOEKHANDEL BEPERK**

Posbus 119, Parow — Groote Kerk-gebou, Kaapstad

| | | |
|---|---|---|
| Roomys .... .... .... | 417 | gellings |
| Vars vis .... .... .... | 4,708 | pond |
| Vars vleis | | |
| Sagte beesvleis .... | 18,071 | pond |
| Gemaalde vleis .... | 6,131 | pond |
| Soutvleis .... .... .... | 2,272 | pond |
| Wors .... .... .... | 3,476 | pond |
| Vark .... .... ... | 874 | pond |
| Skaap .... .... .... | 1,532 | pond |
| Vrugte en groente (slegs 'n paar voorbeelde): | | |
| Tamaties .... .... .... | 388 | kissies |
| Skorsies .... .... .... | 194 | sakkies |
| Aartappels .... .... | 255 | suikersakke |
| Piesangs .... .... .... | 18,000 | elk |
| Lemoene .... .... .... | 61 | sakkies |
| Druiwe .... .... .... | 277 | boesels |

(Die volledige vrugte- en groente-rekening beloop maandeliks ± £1,600.)

| | |
|---|---|
| Skoonmaakbenodigdhede .... .... | £460 |
| Wasgoedrekening .... .... .... .... | £1,938 |

Die totale kontantbedrag wat deur hierdie verbruike in koshuise verteenwoordig word, laat 'n mens effens duiselig voel. Hierdie gewaarwording maak egter spoedig plek vir één van genoegdoening oor 'n koshuisstelsel in Matieland waarbinne die huidige geslag hom op gesonde en vir ouers gerusstellende wyse kan uitlewe.

---

# Die Opvoedkundige en Mediese Dienste van die N.G. Sending in Njassaland

*Deur*

*Ds. C. J. Burger*

*Die Opvoedkundige Werk*

In 1956 is die hele Sending-skoolwese in Njassaland direk onder beheer van die Sinode geplaas. Die Sending gee wel nog finansiële steun aan hierdie onderneming en blanke sendelinge tree nog op as bestuurders van skole, opvoedkundige sekretarisse en onderwysers(esse), maar die sentrale beheer van die hele skoolwese is in die hande van 'n Sinodale Opvoedkundige Kommissie waarop naturellelede in die meerderheid is. Veral in 'n land waar die samelewing in sy breë lae nog heidens is, is dit absoluut essensieel dat die skoolwese onder kerklike beheer sal wees. Die skool in ons Sending was dan ook nog altyd onontbeerlik as 'n sentrum vir evangelisasie en 'n onderwyser is ook nog altyd beskou as volwaardige evangelis.

Die opvoedkundige werk is 'n uitgebreide werk met 'n ingewikkelde organisasie. Dit behels tans oor die 800 skole waarin byna 1,200 onderwysers onderwys gee aan 54,500 kinders en die opvoedkundige begroting beloop die aardige sommetjie van £62,000! Hiervan kom ruim £45,000 van die Regering en die res is die verantwoordelikheid van die Sending (±£10,000) en die Inheemse Kerk (±£7,000).

Die Sending het sy eie opleidingsinrigting vir onderwysers te Mkhoma, die William Murray Opleidingskollege (vernoem na dr. W. H. Murray, die „Baas", een van die baanbrekers van die Njassa-sending). Die hoof, mnr. M. C. Toerien, is ook 'n oud-Matie en hy word bygestaan deur 'n personeel van 5 blankes en 3 naturelle en daar is tans 160 studente in opleiding. Die toelatingsvereiste vir die studente is st. VI en hulle deurloop dan 'n tweejarige kusus aan die Kollege. Hierna is hulle nou bekwaam om onderwys te gee. In ons Junior Primêre afdeling, dit wil sê stds. IV—VI, word gebruik gemaak van onderwysers met 'n Junior Sertifikaat en twee jaar opleiding. Hierdie opleiding word egter nog uitsluitlik deur die regering onderneem. 'n Soortgelyke kursus word egter binne afsienbare tyd aan ons eie opleidingskollege in die vooruitsig gestel.

Op Kongwe, ons tweede oudste stasie, is ons besig om 'n volwaardige hoërskool te ontwikkel. Tot hiertoe het die skool nog net voorsiening gemaak vir die Junior Sertifikaat, maar die verwagting is dat leerlinge wat vanjaar ingeneem is, sal kan deurgaan tot Matriek. Hierdie skool is miskien op die oomblik die belangrikste opvoedingsinrigting van die Kerk, omdat byna alle toekomstige leiers van die

Inheemse Kerk uit die geledere van hierdie leerlinge te voorskyn sal moet kom. Die hoof van die sekondêre skool is dr. Johan Louw (die seun van die bekende ds. A. F. Louw) en hy word op bekwame wyse bygestaan deur Andre Loots, Dawid le Roux en Andre Dreckmeyr. Almal, behalwe laasgenoemde is oud-Maties!

*Die Mediese Werk*

Die groot waarde van die mediese werk van die sending moet onteenseglik hierin gesien word dat, deur middel van ons hospitaal en klinieke, mense, wat andersins nooit die geleentheid daartoe sou gehad het nie, met die evangelieboodskap in aanraking kom. Verder is dit ons ondervinding dat mense in tye van siekte en beproewing baie meer geneë is om te luister na dinge wat betrekking het op die geestelike lewe en dat die gemoed ook baie meer ontvanklik is vir indrukke. Dit geld natuurlik veral vir dié wat na die hospitaal kom, soos die volgende voorval duidelik sal bewys. Dit was Pinkster en ds. Johan Steytler het die hospitaal besoek waar 'n bejaarde groothoofman, Jere, siek was en 'n oogoperasie moes ondergaan. Hy het baie ernstig met hom gepraat oor sy siel en volgens hom het dit waarlik voorgekom asof sy woorde ingang vind. Toe hy nou uiteindelik aan ou Jere die vraag stel wat hom min of meer tot 'n beslissing moes bring, kom hy met die volgende woorde te voorskyn: „Bwana, wanneer kry jou hond weer kleintjies? Ek wil baie graag een hê."

Die mediese werk word tans gedoen in 4 hospitale en 5 klinieke wat oor die hele arbeidsveld versprei is. Die mediese personeel bestaan uit drie dokters (van wie een tans besig is met verdere studie in Amerika) en 6 blanke verpleegsters. Die klinieke word deurgaans beman deur naturelle, en word eenmaal per maand deur 'n dokter besoek. Gedurende 1958 het die vier hospitale 1,046 kraamgevalle gehanteer. Gedurende dieselfde tydperk het die vier hospitale en 5 klinieke behandeling gegee aan 9,157 inblywende pasiënte en 44,038 buitepasiënte!

Vir 'n hele aantal jare word daar alreeds vroedvroue en „Medical Aids" opgelei en vanjaar is daar 'n begin gemaak met die opleiding van naturelleverpleegsters. Die toelatingsvereiste is 'n st. VI-sertifikaat. Alle opleiding word op Mkhoma gedoen. Die Mkhoma-hospitaal het ook 'n spesiale oogafdeling (die Renaldo Retief-ooghospitaal, genoem na Dr. Renaldo Retief, die Direkteur van Hospitale in die Kaapprovinsie, wat vir baie jare mediese sendeling in Njassaland was) waar daar gedurende die afgelope jaar nie minder as 196 oogoperasies gedoen is nie, waarvan 126 vir die verwydering van Kataraks. Laasgenoemde operasie maak veral 'n onuitwisbare indruk op die naturelle, veral waar dit iemand geld wat vir jare lank gelei moes word en nou meteens weer kan sien.

Tot my spyt moet ek egter meedeel dat daar nog nie een oud-Matie is wat Stellenbosch in die mediese werk van die Njassa-sending verteenwoordig nie. Billikheidshalwe moet ek egter toegee dat dit tot dusver nog nie moontlik was nie omdat Stellenbosch nog geen mediese fakulteit gehad het nie. Noudat u egter die fasiliteite het: wie van die Maties in die mediese fakulteit gaan geskiedenis maak deur die eerste dokter te wees wat Stellenbosch in die Sendingveld sal verteenwoordig?

Alle oud-Maties in die Njassa-sending groet u daar ver in die Suide.

---

# Jeugwelsyn in Suid-Afrika — 'n Uitdaging

Opsomming van 'n Referaat gelewer voor die Nasionale Welsynskonferensie, Johannesburg

*deur*

Dr. J. B. DU TOIT,

*Senior Lektor in Sosiologie aan die Universiteitskollege van Wes-Kaapland.*

Uit 'n historiese oorsig oor jeugwelsyn in Suid-Afrika en soos weerspieël in ons Kinderwetgewing, inrigtingsversorging, en werksaamhede van kindersorg- en ander welsynsverenigings, blyk dit dat ons geleidelik tot 'n meer positiewe benadering gekom het. Voorkoming eerder as genesing, en behandeling eerder as straf, word deur die nuwe beleidsrigtings beklemtoon.

Die welsyn van ons jeug behels dus veel meer as dienste aan die sorgbehoewende, die

afwykende en die misdadiger. Dit skyn gelukkig of ons in ons jeugdienste in Suid-Afrika gedurende die afgelope dekade steeds meer bewus geword het hiervan. Geleidelik het die aktiwiteite wat aangebied word en die belangstelling in die jeug uitgebrei om ook meer aandag te gee aan die *normale* kind en jeugdige met sy *normale* behoeftes en probleme. Dit ly geen twyfel nie dat deur so 'n benadering van die welsyn van die jeug, ook die eintlike doel en strewe van die maatskaplike werk verwesenlik kan word. Voorkomingswerk in die letterlike sin van die woord word hier gedoen.

Omstandighede het egter sodanig verander as gevolg van verstedeliking, industrialisasie en algemene tegnologiese ontwikkelings dat sekere lewenspatrone, opvattings en waardes skielik uitgedien geraak het. In hierdie opsig het ons met die kennis en insigte van die sosiale wetenskappe 'n belangrike bydrae te lewer tot die algemene probleme in verband met die welsyn van die jeug. Meer as ooit voorheen is breër insigte in die maatskaplike omstandighede van die jeug 'n voorvereiste vir die bevordering van die welsyn van die jeug.

Die hedendaagse ontwikkelings i.v.m. jeugwelsyn vereis groter samewerking tussen instansies soos die gesin, skool, kerk en jeugverenigings. Om die jeugdige te verstaan moet hy gesien word in sy totale lewensverband.

In Suid-Afrika het ons gedurende die afgelope dekade al heelwat vordering in dié rigting gemaak. So is daar bv. die Nasionale Jeugdiensraad wat die verskillende belangegroepe van veral die naskoolse jeug ook behartig. Voorts is daar ook die Nasionale Raad vir Opvoeding buite Skoolverband. Daar word inderdaad uitvoering gegee aan die doel en strewe van opvoeding vir volwassenes soos in die volgende stelling geïmpliseer: „It is impossible to teach a college youth of eighteen how to meet all the problems of a middle-aged man of fifty."

Indien ons dink aan die dikwels verwarrende en ook teenstrydige lewenspatrone, is dit beslis meer as ooit voorheen van belang vir diegene wat hul beywer vir die welsyn van die jeug, om in te skakel met die kind in sy totale lewensverband. Die vraag ontstaan hier of ons aan die skoolkind van vandag voldoende geestelike en kulturele toerusting gee om dié kennis wat hy op skool opgedoen het, ook te kan toepas in sy naskoolse loopbaan. Is daar vir die kind van vandag wel 'n voldoende geestelike brug tussen die skool en die loopbaan daarna? Beweeg hy wel op 'n kontinuum, of is die oorgang van die skool na die loopbaan daarna vir talle bloot 'n skielike breuk tussen gebondenheid en vryheid?

Namate daar vandag 'n steeds groter aanvraag is na die tegnies geskoolde en die natuurwetenskaplike, ontstaan die vraag ook of ons nie meer aandag behoort te gee aan maatskaplike en kulturele waardes nie. Veral is dit miskien die geval indien ons dink aan die groot persentasie van ons jeug wat die skool voor matrikulasie verlaat, en sowel reeds op skool as daarna, uitsluitlik konsentreer op die praktiese vakke en tegniese en handelsopleiding. „Waaraan Suid-Afrika 'n werklike behoefte het, is 'n aktiewe en intelligente openbare mening wat voortdurend soos 'n soeklig op die onderwys in al sy vertakkinge sal speel en die regmatige eise van die gemeenskap helder en doeltreffend sal stel," skryf een van ons vooraanstaande koerante. Met die gebrekkige belangstelling en samewerking wat daar in talle gemeenskappe nog tussen ouers en onderwysers bestaan, kan ons beslis nie hierdie soort openbare mening verkry nie. Die V.S.A. met hul aktiewe ouers- en onderwysersverenigings is vir ons hier 'n goeie voorbeeld.

Let ons op die terrein van ontspanning en vryetydsbesteding, is die hoofprobleme vandag waarskynlik nie meer soseer 'n gebrek aan geleenthede en fasiliteite nie. Verenigings, organisasies en klubs het ons wèl. Waarskynlik is die lewe van die kind en die jeugdige soms oorgeorganiseerd. Miskien bied ons te veel aan. Die vraag is egter of ons dit op dié wyse aanbied wat dit vir die jeug betekenisvol maak.

'n Mens sou wel kon vra of ons hiernaas ook nie soms te negatief en veroordelend staan teenoor sekere aktiwiteite van die jeug nie. Die stads- en woonstelkind wat 'n uitlaatklep


soek vir sy liggaamlike en geestelike inhibisies, sal nie sonder meer die „bop" verruil vir die stemmige verenigingslewe nie. Daar moet soms verbied word, maar dan moet ons iets in die plek daarvan gee, en veral iets wat vir die jeug aanneemlik sal wees.

Wat die aktiwiteite van die kerklike en ander jeugverenigings betref, is bv. onlangs in 'n opname onder 'n paar honderd jeugdiges gevind dat 'n belangrike punt van kritiek deur die jeug daarop neergekom het dat hulle nie altyd in hul maatskaplike lewensverband geken en verstaan word nie.

Oor die jeug se belangstelling in die media van massakommunikasie — film, radio en pers — word gewoonlik negatief geoordeel. Ons moet egter hierdie verskynsel ook vanuit 'n ander oogpunt benader. Wat die jeug lees, waarna hul luister, of wat hul sien, is nie slegs 'n funksie van die materiaal self nie. Ons smake en waardes word in net so 'n mate beïnvloed deur ons agtergrond en opvoeding. 'n Meer positiewe benadering van hierdie probleem is beslis nie slegs geleë in verbod en verbanning nie. Eerder moet meer klem gelê word op opvoeding en voorligting vir die taak van seleksie uit die groot verskeidenheid van beide goed en swak waarmee ons kinders onvermydelik in aanraking sal kom.

Ten slotte is dit seker nie onvanpas om te waarsku teen die uiters negatiewe en sensasionele uitlatings wat so dikwels in verband met veral ons stadsjeug gemaak word. Te dikwels staar ons ons blind teen oortredings van die enkeling of die minderheidsgroepe. Omdat die dade van afwykende gevalle meer nuuswaarde het, bewys ons deur hierdie houding en optrede beslis 'n ondiens aan die welsyn van die normale jeug.

Ons houding teenoor die welsyn van ons jeug kan wel gefundeer wees in die volgende stelling van die bekende sosioloog Karl Mannheim: „Youth belongs to those latent resources which every society has at its disposal and on the mobilization of which its vitality depends."

Elke mens het iets om voor te spaar
SAAMBOU
(PERMANENTE) BOUVERENIGING


Geld groei vanself— vinnig en veilig—by
SAAMBOU
(PERMANENTE) BOUVERENIGING




Op u pad! Danksy 'n gereelde spaarplan
SAAMBOU
(PERMANENTE) BOUVERENIGING

# Só

# Onthou

# Ek Matieland....



(Onder bostaande opskrif sal *Matieland* in elke uitgawe wat volg twee of drie oud-Maties uit verskillende tydvakke uitnooi om oor die Matieland van hul dae te mymer. Miskien kan hul tydgenote, nou wyd gesaai oor ons land, dan sommer in hul alleenheid saammymer.)



*Mnr. C. P. van der Merwe.*

***Mnr. C. P. van der Merwe (B.A. 1926, B.Educ. 1929), Hoof, Opleidingskollege, Wellington, laat sy gedagtes gaan ....***

TOG vir my niks mooiers as die vertroue van 'n redakteur in oud-Maties nie! Om op 'n blou Maandagmôre die opdrag te ontvang dat jy terstond aan die mymer moet gaan en binne 'n week binne die bestek van 400 woorde moet klaar mymer, spreek mos van 'n grenslose vertroue!!

Ek skuif dadelik die stapels werk opsy en gee my oor aan die verbeeldingsvlug na 'n vervloeë tydperk — na die twintiger jare — toe Quintie Thom, die Pretoorse, Phil Weber, Gool Venter, Fire van Vuuren en andere MacDonaldhuis van ondergang gered het, en toe Johan Buhr (daardie te vroeg ontslape genie), die onvergeetlike Otto du Plessis, ou groot Van der Walt, Aap Raats, die Attie Smutse, Jock van der Merwe en ander groot geeste van Wilgenhof die eerste lappies-klub in Monica gestig het!

Die Universiteit was klein daardie jare — heerlik klein. Ons groen sotte het in 'n lang ry met ons inskrywingskaarte voor dr. Gawie, die Rektor, wat ons deurdringend oor die halwe brilglase aangekyk het, verskyn. En in die universiteitsdoop het ou Biel Booyseman manalleen ons hele klomp ontgroen — van A. M. Schaap tot R. Bok of (soos Biel gesê het) tot Bok R.!

Dit was die dae toe ons nog aan dink, redeneer, filosofeer en verenigings geglo het. In Naas le Roux en Izak Burger se kamers in Dagbreek het ons maklik tot drie-uur die oggend oor Predestinasie, 'n Wêreldstaat, 'n Superras, die Toekoms van Afrikaans en Huweliksprobleme gesels. Die simposium is gewoonlik met ham en eiers afgesluit! Die verenigings het gebloei — Die Unie sonder dames en Die Universiteits- ten spyte van dames!! Heerlik was die waatlemoenfeeste, die groot kragmetings op die gebied van die intellek en die skynhof- en parlementsittings


met reuse soos Langenhoven, N. J. van der Merwe en ander.

Eenvoud en egtheid was die kenmerke van dié dae. Van motors vir studente en warm stortbaddens het niemand gedroom nie. Net Witkop Botha en Manie Strydom het motorfietse gehad, twee Red Indians waarmee ons bloktyd Helshoogte uit gevlieg het. As die nagligte ons die slag druk, het ons maar ewe getroos daar langs mev. Jones die stortbaddens se winterkoue gaan trotseer — om daarna op ons ysterbedjies te gaan droom van 'n môre — wat toe in so baie opsigte anders geword het as wat ons gehoop het.

***Mnr. J. H. Pienaar (B.Sc. 1926) van Robertson, Kaap, aan die woord:***

DIE Universiteit was vier jaar oud toe my geslag vol idealisme en hoop daar op die spoorwegstasie afgelaai is. Daar was die keuse van landaus met staal- of rubberbande om jou na die koshuis te bring teen 1s. 6d. Dit was 'n dorpie sonder teerstrate, sonder spoelsanitasie, met net 'n paar motors waarvan twee aan professore en een aan 'n student behoort het. Daar was heelwat fietse en origens 'n massa voetgangers.

Lang wit broeke was die algemene ontspanningsdrag en is nooit in die klas gedra nie. Ferweelbroeke was toe nog net tot die uithoeke van ons land beperk. Atletiek was die stiefkind onder die sportsoorte. Op akademiese gebied was die laboratorium- en biblioteekgeriewe baie karig. Tot sover ons armoede . . .



*Mnr. J. H. Pienaar.*

Afgesien van die verskillende fakulteitsverenigings was daar twee bloeiende debatsverenigings waar manne soos Hendrik Verwoerd, L. C. Steyn, Johan Buhr en baie ander hul redenaarstalente kon skerp. Laasgenoemde het met die ontvangs van die destydse Prins van Wallis (later Koning Eduard VIII en tans die Hertog van Windsor) in 1925 so 'n buitengewone en knap toespraak gelewer dat die Prins 'n afskrif daarvan versoek het. (Dit is deur een van die joernaliste wat saamgereis het later in sy boek „Southward Ho!" opgeneem.)

Van die eksterne lesings onthou ek nog goed dié van Jan Celliers, C. L. Leipoldt en die onvergeetlike C. J. Langenhoven. Die beroemde debat tussen proff. Blommaert en Cory oor die egtheid van die Retief-Dingaan-traktaat het in 1923 plaasgevind. Arthur Hayes het in 1924 voordragte uit Charles Dickens se werke kom gee en op so 'n meesterlike wyse dat ek tot vandag besondere genot uit dié skrywer se werk put. Net so het die Vlaming, dr. M. R. Breyne, sy landgenoot Guido Gezelle in 'n lesing, opgeluister met skitterende voordrag, aan ons voorgestel.

Van my dosente moet ek dr. I. de V. Malherbe (Landbou-chemie) noem wat nie net ywerige en inspirerende navorser was nie, maar ook in sy baanbrekerswerk, „Grondvrugbaarheid", 'n model gestel het van ons moedertaal as wetenskaplike taal te hanteer. Hoe graag sou ek hier ook wou vertel van puik dosente soos proff. J. F. W. Grosskopf, A. J. Perold, C. K. Brain en, les bes, Con de Villiers! En van studente soos Mikro, P. K. le Roux, Hans van Staden en Jordaan . . .

Ons destydse kanselier, prof. A. A. Moorrees, was 'n waardige, fynbeskaafde geleerde wat graag Nederlands by voorkeur gebesig het. Met die gradeplegtigheid van 1926 was die slotwoorde van sy redevoering die volgende sitaat uit Tennyson:

*„Let knowledge grow from more to more,*
*But more of reverence in us dwell;*
*That mind and soul according well,*
*May make one music as before,*
*But vaster . . ."*

Dit is nie onvanpas om hierdie woorde ook aan die huidige studentegeslag op te dra nie, want vir elkeen van ons bly die stryd om ewewig die belangrikste, — vandag nog moeiliker as 34 jaar gelede.

*Ds. G. S. J. (Tappies) Möller (M.A. 1941),*

*Predikant van die N.G. Gemeente*

*Namakwaland, Springbok*



*Ds.*
*G. S. J. Möller.*

DANKIE, meneer die Redakteur, vir die voorreg om in ons blad te kan mymer oor my dae op Stellenbosch, maar ek moet eerlik sê ek huiwer om my daaraan te waag, want die laaste keer dat ek my besondig het aan 'n ontboeseming in 'n Universiteitsblad, het ek my 'n goeie aantal „Hot Blots" in die „Student" op die hals gehaal. Wat dié goed in vandag se studentetaal is, sal ek nie kan sê nie, maar ek wed dit sal nie kwalifiseer vir opname in die Woordeboek nie. Miskien wel vir die jaarlikse opstel oor omgewingstaal (vra vir prof. Kempen).

Mý dae in Matieland was weliswaar nog in die goeie ou tyd, vóór die nuwe bedeling van eerstejaarskoshuise en dooplose sottyd. Na die goeie ou voorbeeld van Dagbreek, is mý hare sommer destyds met die bymekaarkom sonder seremonies subiet tot op die wortels getop. En hulle het sedertdien nooit weer heeltemal tot verhaal gekom nie! My buikgord bo-oor my baadjie en my veter-das om my omkeerboordjie was nie bereken om die voorkoms te verhoog nie. Hoe kan ek die eier vergeet waarop ek met soveel moeite veertig handtekeninge van meisies byeengesukkel het en wat ek toe in een teug voor die doopkomitee moes uitsuig? En hoe het Charlie Schabort en Kiewiet Jansen ons nie 'n hinderniswedloop op ons knieë laat aflê na 'n wenpaal waar kasterolie-deurweekte bolletjies op ons gewag het nie?

Dit was gladnie slegte dae daardie eerste twee jaar nie. Dit sou darem seker lekkerder dae gewees het as daar nie ook so iets soos die „akademie" was waarmee rekening gehou moes word nie. Veral ons Admissiemanne was swaar getreiter met die verpligte ekstra Latyn wat deur die Hoogeerwaarde Sinode goedgedink was om saam met die Hebreeus en Grieks ons van alle moontlike vryetydjies te berowe. (Die daaropvolgende sinode het toe natuurlik weer Latyn afgeskaf net toe ek mooi daar deur was!) Maar die Latynse klasse by Oubaas Pietertjie van Braam en dr. Gonin het tog ook hul ligpuntjies gehad. Ek dink nog baie dae aan Piet Toerien se vertaling: „Atalanta was the fastest maiden in all Greece", waaroor dr. Gonin luidkeels, soos ons hier sê, boontoe geroep het! Aanmoediging in daardie swaar kursus was egter nie baie volop nie. Die gestrenge en gevreesde heer Dekker het ronduit gewaarborg dat hy sy hoed sou opeet as ek die kursus in vyf jaar deurkom. Die klasse en dosente was nietemin gaaf. 'n Mens se gedagtes gaan terug na die forse gestalte met die sierlike kroon van geregtigheid van wyle prof. E.C., wat seker eerder van my 'n Afrikaner gemaak het as 'n kenner van die letterkunde. En wie sal die goedige prof. Brummer vergeet met sy helderheid van gees en sy uitbundige lag oor sy eie grappie? En prof. Edgar met sy goeie hart maar sy swaar spraak? (Hulle het my altyd vertel dat 'n swak (of goed?) gemikte gholfbal glo eenmaal die oubaas se gorrel ingeduik het.)

En toe het die oorlogsjare gekom met al hulle spanning en opwinding en gemoedsopwellinge. My taak as primarius en voorsitter van die S.V.R. het in die kritiekste tye nie baie benydenswaardig geblyk te wees nie. Die manne het kante gekies en dikwels effens balans verloor. Menige dag was dinge bra „voeringkant buite", soos ons in Namakwaland sê. Talle môres is ek na die altyd diplomatiese dr. Bobby ontbied om rekenskap te gee of opdragte te kry. Dán was dit Dagbrekers wat die Unievlag gehys het met net 'n yslike gat daar waar die Union Jack moes gewees het; dan weer het Dagbrekers die Engelse oubaas oorkant die straat se huis met swastikas versier, dan weer het iemand dit goedgedink om 'n vierkleur iewers te hys waar dit die gramskap van 'n teenstander laat ontbrand het. Ek moes altyd net paai en mooipraat.

Dis te begryp dat hierdie interessante jare nie sonder (vir ons) gewigtige monstervergaderings, hemelsbelangrike besluite en opspraakwekkende gebeure sou verby gaan nie. Die wêreld sou immers vergaan as ons nie ons sê

sê nie! Ek wonder dikwels hoeveel Pa Theron en Blikkies Joubert nog onthou van die reusemonstervergadering oor *Die Matie;* en Tobie Mosie van die NUSAS-stryd; en Daantjie Franszen van sy „ekonomiese stryd" om die verskaffing van ligte wyn aan studente in kafees; en Schalk Pienaar van die bid-episode in Adderleystraat; en die eerbiedwaardige en vredeliewende (nou ds.) Bornman met die wit vlag van die slag van Andringastraat; en Japie Basson en Jan van Tromp van die stigting van die Jeugfront in die Rec? Ag, en dan is daar nog die wyshede wat in die huisvergaderings kwytgeraak is! Waar's Onkel Beukes wat aan Oubaas Foreau gesê het: „Next time put in more fish and less secret" . . . dit wil sê in die visbolle van Maandagaande, toe Foreau nie sy „secret" oor die bestanddele van die visbolle wou verklap nie? Ja, waar's dié dae — om van die aande nie te praat nie. Die aande was eintlik die belangrikste!

Meneer die Redakteur, dis byna twintig jaar gelede waarvan ek mymer. Dit smaak my ek word oud.

---

# Só Bou Hul Matieland

(Op hierdie bladsy sal oud-Maties in die vervolg 'n oorsig aangebied word van die doen en late van die huidige geslag in die Eikestad. Ons vertrou dat hierdie prikkelende studendtelewensbeeld oud-Maties elke keer weer nader aan hul „ou kraal" sal bring.)

***Deon du Plooy (Hons.-B.A. 1959) deel mee . . .***

*Gegroet uit Matieland!*

TYE het verander en daarmee saam die Matieland wat u geken het. Hierdie *wind van verandering* het egter die tradisieryke Pieke, Stellenboschberg, Coetzenburg en natuurlik die Laan onaangetas gelaat, want nog steeds ken die sosiale bedrywighede geen perke nie. Ter inligting van alle oud-inwoners moet ek miskien net vermeld dat Wilgenhof nié verander het nie.

*Mej. Matieland*

JUNIORDAG het gekom en gegaan en die Jool het 'n vroegtydige dood gesterf. Maar daarmee was Huis Marais nié tevrede nie, want hulle het nié kans gesien om die jaar in te gaan sonder dat 'n skone onder die skones haar septer oor Matieland in 1960 swaai nie. Op 'n goedgeorganiseerde funksie het die Studenteraad van die Universiteit van Kaapstad Mej. Matieland 1960 aangewys. Die onderskeiding het Wanda Reinach te beurt geval.

*Die Republiek*

MET die aankondiging van die koms van die Republiek het Dagbreek nie op hom laat wag nie, en binne enkele dae het hulle onder die inwoners die bedrag van £100 ingesamel vir *Die Burger* se Republikeinse fonds.

Huis Marais het egter heeltemal 'n ander standpunt ingeneem. Hulle het net nie kans gesien om langer te wag nie en toe maar hulle eie referendum gehou. Die resultaat? Die Republiek van Huis Marais word in die lewe geroep en die primarius is nou President! Hoe voel hulle daaroor? Baie goed, natuurlik, anders sou die groot vaandel nie voor op die koshuis gepryk het nie.

*Intervarsity*

Op hierdie ou akker is daar nog steeds maar net één dag, en dit is Intervarsity! Weke vooraf is die organisasie begin en sangoefeninge het hoogtepunte bereik, veral toe Willie van Zyl as hoofdirigent herkies is. Maties se gees het hoog geloop en die dag met Intervarsity het dit ook duidelik geblyk toe die 15 strydrosse die Ikeys 11—3 wen op Nuweland.

Kenmerkend van die Intervarsity vanjaar was die mooi gees wat daar op die pawiljoene en vóór en na die wedstryd tussen Maties en Ikeys geheers het.

Maar kort na Intervarsity is Matieland geskok deur die heengaan van Koos Jordaan, 'n derdejaar B.Comm.-student, ten gevolge van 'n motorongeluk. Die hele Matieland betuig meegevoel met sy naasbestaandes en vriende.

*Konstitusie*

ONDER die voorsitterskap van mnr. John Visser het 'n ad hoc-komitee van die Studenteraad die konstitusie van die studente-unie grondig hersien. Op twee agtereenvolgende

monstervergaderings is die nuwe konstitusie goedgekeur.

Belangrike veranderinge sluit in dat die Studenteraad nou net uit 12 in plaas van 16 lede sal bestaan. Ook die verkiesingstelsel is gewysig in soverre dat nominasies nou skriftelik geskied en nié meer op 'n monstervergadering nie.

Die eerstejaars se stemme sal voortaan ook nie meer soveel gewig dra as voorheen nie, aangesien hulle nou op aparte stembriefies stem en twee van hulle stemme gelykstaan aan drie senior stemme. Die Studenteraadsverkiesing vind nou ook in die derde week van Augustus plaas.

*Huisfondsfunksies*

DIE dames, met hul vindingrykheid en kunssinnigheid, het tot dusver vanjaar weer 'n hoë standaard met hul huisfondsfunksies gestel. Besondere oorspronklikheid is aan die dag gelê.

Met hul optogte deur die strate van die dorp het hulle hierdie funksies geadverteer. Die manstudente was dan ook geensins traag om hulle te ondersteun nie. Die onfeilbare belangstelling van die manlike geslag in lekkernye en aantreklike nooientjies is dan ook terdeë deur die dameskoshuise ten bate van hul huisfondse geëksploiteer.

*Langenhoven-gedenksaal en Gemeenskapsentrum*

SOOS baie Maties, voel seker ook baie oud-Maties dat hierdie saal al lankal gebou moes gewees het. Die rede waarom daar só lank gesloer word, is egter dat daar nog nie genoegsame fondse beskikbaar is nie. Maar die Langenhoven-Gedenksaalkomitee gaan nog voor die einde van die jaar 'n grootskaalse poging aanwend om fondse in te samel.

In oorleg met verskeie instansies word 'n motorkompetisie gereël. Aantreklike pryse sal dan aangebied word. Die saak het alreeds so ver gevorder dat hulle 'n kompetisie uitgeskryf het om die beste metode vas te stel waarop só 'n wedstryd gereël kan word.

Met hierdie brokkies nuus uit Matieland groet ons u en sê: LAAT DIT GOED GAAN!

# OUD-MATIEBONDTAKKE

**De Aar**

VOLGENS 'n skrywe van mnr. H. Visser, Sekretaris van die oud-Matiebond op De Aar, sou oud-Maties van daardie kontrei op die dag van Intervarsity op die vrolik-genaamde plaas Nuwejaarsfontein van mnr. Piet Marais vergader om na die wedstryd in te luister. (Graag verneem ons hoe die uitslag deur die aanwesiges ontvang is. — Red.)

**Pretoria**

MNR. A. J. ESTERHUYSE, Sekretaris van die Pretoria-tak, rapporteer dat die oud-Maties van Pretoria op 8 April hul jaarvergadering gehou het by watter geleentheid oud-Matie, prof. Douw G. Steyn, professor in Farmakologie aan die Universiteit van Pretoria, 'n hoogs interessante praatjie oor die onderwerp „Voeding en Siekte" gelewer het. (Baie dankie vir die opsomming daarvan, mnr. Esterhuyse. — Red.)

Die ere-ampsdraers van verlede jaar is herkies, t.w.:

Dr. W. Nicol, President.
Prof. dr. H. L. de Waal, Vise-president.
Prof. dr. T. E. W. Schumann, Vise-president.

Die oud-Maties van Pretoria word glo net al ongeduldig met die baadjie ('n bloue, glo hulle vas) wat nie sy verskyning maak nie.

**Windhoek**

VAN mnr. D. Lombard, Sekretaris van hierdie tak, verneem ons dat die volgende bestuur gekies is:

Voorsitter: Mnr. T. Davin.
Sekretaris: Mnr. D. Lombard.
Addisionele lede: Mnre. J. van Wyk, G. Coetzee en R. Bekker.

Die donkerblou-baadjie het die stemming daar gewen. (*Matieland* is trots op die baanbrekerswerk wat oud-Maties in Suidwes vir hul Alma Mater doen. — Red.)

**Witbank**

DIE Sekretaris van die tak Witbank, mnr. G. F. Stegmann, deel mee dat daardie Tak sy eerste jaarlikse dinee op 10 Junie sou hou.

**Bloemfontein**

TEN spyte van die uniefeesvierings in Bloemfontein en die vrome voornemens van die baie inwoners om nou eers weer 'n slaggie vir ten

# 85

## Vir kwaliteit en waarde

# Westminster 85



## SUID-AFRIKAANSE STEENKOOL-, OLIE- EN GASKORPORASIE, BEPERK

### VAKATURES VIR GEGRADUEERDES

As gevolg van uitbreiding in die omvang van ons tegniese bedrywighede, wil Sasol graag betrekkings aanbied aan 'n aantal gegradueerdes in die volgende kursusse:

**Chemiese Ingenieurswese**
**Werktuigkundige Ingenieurswese**
**Elektrotegniese Ingenieurswese**
**Skeikundiges** ***(Behalwe B.Sc.-gegradueerdes, stel ons navorsingsafdeling besonder belang in persone met minstens 'n B.Sc. (Hons.) kwalifikasie.)***

Poste is beskikbaar vir jong manne wat aan die einde van hierdie jaar sal gradueer asook vir persone wat reeds praktiese ervaring opgedoen het.

Diensvoorwaardes sluit onder andere in ruim verlofvoorregte, 'n vakansiebonus, pensioen- en mediese voordele. Die persone wat ons aanstel, sal die geleentheid hê om deur middel van hul werk in die fabriek, 'n grondige praktiese kennis en wye ondervinding op te doen. Tesame hiermee kan 'n verdere teoretiese agtergrond opgebou word deur gebruik te maak van die opleidingskursusse wat ons onderneming plaaslik aanbied.

Die Tegnologiese Instituut van Sasolburg onderneem die opleiding en afneem van eksamens in kursusse soos:
Die Goewermentsertifikaat van Bevoegdheid;
„Associate Member of the Institute of Chemical Engineers";
Brandstoftegnologie, ens.

Werknemers het dus 'n besondere geleentheid om hul deeglik te bekwaam en toe te rus vir bevordering na hoër poste.

Ons goed toegeruste ontspanningsklub bied fasiliteite aan vir deelname in bykans alle sportsoorte en ontspanning.

Ons ontvang graag aansoeke of navrae op hierdie vroeë stadium sodat volledige besonderhede betyds verstrek kan word. Die persoon wat in sy werk belangstel en bereid is om hard te werk, sal geen wyer veld vir ondervinding en vooruitgang vind as in die steeds groeiende Sasol-organisasie nie.

*Rig u skrywe, met besonderhede van u loopbaan tot dusver, aan die*

**Bestuurder, Personeeldepartement, Sasol,**

**Posbus 1, SASOLBURG, O.V.S.**

minste ses maande lank tuis te bly, het sowat 150 oud-Maties op 23 Junie 'n uitnemend geslaagde buffet-ete gehou wat, só berig mnr. Flip Oosthuizen, die Sekretaris, nog lank deur die aanwesiges onthou sal word.

Nadat reg aan die eetgoedjies geskied het, is die drie proef-oud-Matiebaadjies op 'n wyse deur proff. C. van H. du Plessis, G. de Villiers en mnr. Flerrie Bester gedra en vertoon wat beroepsmannekyne soos beginners sou laat sukkel het, getuie die geesdriftige applous van die skare.

Die plek van toesprake, aldus mnr. Oosthuizen, is ingeneem deur die hartlike saamsing van Matie-liedjies — in weerwil van die „gallery" — onder die stokkie van dr. C. F. Visser, voormalige Hoofleier van die Voortrekkers.

Die Bloemfontein-tak van die oud-Matiebond beoog 'n reuse-saamtrek teen die einde van die jaar, by watter geleentheid nie slegs oud-Maties oor die hele Vrystaat nie, maar ook een en ander hooggeplaaste, in die Sentrale Stad of daar naby sal saamkom.

### Die Oud-Matieproefbaadjies op Reis

DAAR is 'n rusteloosheid in die oud-Matiekraal oor dié baadjie wat maar nie kan klaarkom nie. Dit is egter van deurslaggewende belang dat die Afdeling Openbare Betrekkinge presies sal weet watter baadjie oud-Matiebondtakke verkies alvorens hy daartoe oorgaan om dit beskikbaar te stel. Die volgende takke het reeds die „proefbaadjies" besigtig en hanteer: Pretoria, Hoëveld, Bloemfontein, Goudveld, Port Elizabeth, De Aar en Windhoek. Donkerblou het hier skoonskip gemaak.

Die Hoof van die Afdeling Openbare Betrekkinge het *Matieland* versoek om oud-Matiebondtakke daarop te wys dat die proefbaadjies nou onder takke volgens onderstaande datumlys gesirkuleer sal word ten einde oud-Maties in die geleentheid te stel om eerstehands daarmee kennis te maak en hul keuse so spoedig moontlik daarna te verstrek. Sekretarisse van takke word vriendelik versoek om alles in hul vermoë te doen om die „reisigers" op die bestemde datum op 'n bepaalde bestemming te laat aankom.

Hier volg die „reisplan" beginnende in Augustus: 5 Augustus (Bethlehem, O.V.S.); 12 Augustus (Kimberley); 19 Augustus (Gordonia-Kenhardt-Upington); 25 Augustus (Stellenbosch); 26 Augustus (Kaapse Skiereiland); 27 Augustus (Wellington); 29 Augustus (Worcester); 2 September (Mosselbaai); 7 September (George); 10 September (Oudtshoorn); 17 September (Graaff-Reinet); 21 September (Middelburg, K.P.); 24 September (Cradock); 28 September (Queenstown); 1 Oktober (Oos-Londen); 8 Oktober (Durban); 15 Oktober (Dundee); 22 Oktober (Clanwilliam); 29 Oktober (Vredendal).

Nou het oud-Maties ook sommer 'n leidraad vir die bepaling van hul volgende takvergadering.

*Matieland* vertrou dat die reaksie so flink sal wees dat daar teen Kersfees finaliteit sal kom in die saak.

# VAN HEINDE EN VERRE

### NAUDÉS BEHAAL DRIEKUNS

*Dr. S. Meiring Naudé* (M.Sc. 1925), Voorsitter van die W.I.N.R., briljante alumnus en vorige professor in Fisika van ons Universiteit, het die Suid-Afrikaanse Medalje en Beurs, een van die Unie se vernaamste toekennings op die gebied van die wetenskap ontvang. Intussen verneem ons dat sy seun *Charl Naudé* (B.Sc. Werktuigkundige Ing. 1955), die doktorsgraad in meganiese ingenieurswese aan die *California Institute of Technology* verwerf het. Dr. Naudé, jr. besit ook die B.Sc.-graad (Fisika en Wiskunde) van Pretoria en die M.Sc.-graad in meganiese ingenieurswese van Kalifornia.

Met die ter perse gaan is aangekondig dat *dr. Willem Christiaan Naudé* (B.Comm. 1928, D.Comm. 1939), Ondersekretaris van Buitelandse Sake en broer van dr. S. Meiring Naudé, aangestel is as die Unie se nuwe Ambassadeur in die V.S.A.

Twee van die vyf *Kommissarisse-generaal* vir die Bantoetuislandgebiede wat gedurende Junie l.l. aangestel is, is oud-Maties. *Dr. W. M. Eiselen* (M.A. 1920) is as skakel met die Noord-Sotho aangestel en *Sen C. G. Nel* (1929-1933) as skakel met die Zoeloes.

*Mnr. A. W. S. Schumann* (B.Sc. 1937) is onlangs aangestel as bedryfsbestuurder van Federale Mynbou Beperk. Mnr. Schumann het 17 jaar in die koperstreek in Noord-Rhodesië deurgebring en verskeie sertifikate in mynopmeting en -bestuur verwerf. Hy het ook Brittanje en Europa besoek en daar kursusse bygewoon.

*Mej. R. C. Smit* (B.A. 1941, M.A. 1952) is sedert 1 April hoof van die Hoërskool vir Meisies op Worcester. Voorheen was mej. Smit verbonde aan die Hugenote Hoërskool, Wellington.

*Matieland* verneem dat *mnr. A. T. Morkel* (M.Sc. (cum laude) 1954) onlangs die doktorsgraad in metallurgie aan die Massachusetts Institute of Technology behaal het. Tans studeer hy aan die Univeristeit van Göttingen.

*Mnr. D. J. Coetzee* (B.A. 1938), skoolhoof op Wepener, O.V.S., is aangestel as hoof van die groot hoërskool, „Gimnasium", op Welkom.

*Mnr. D. C. Goodspeed* (B.Sc. (Landbou) 1955) lê hom tans op die vrugteboerdery toe in die distrik Piketberg.

*Mnr. P. H. du Preez* (1937) tevore hoof van die Laerskool Andalusia het hierdie kwartaal die betrekking as hoof van die Laerskool Jan van Riebeeck, Kaapstad, aanvaar.

*Mnr. C. R. Holzapfel* (M.Sc. 1930) stuur 'n bydrae vir *Matieland*-fonds en deel mee dat hy tans by Yskor, Afdelingshoof, Algemene Chemie, Departement Navorsings- en Prosesontwikkeling is.

*Mnr. B. J. (Bill) van Niekerk* (B.A. 1939), is tans Assistent-direkteur van Bantoesake op die Goudveld van Virginia, O.V.S. Mnr. Van Niekerk was één van die eerste twee studente in die Unie wat Naturelle-administrasie as hoofvak gevolg het. (Mnr. J. P. Vos (B.A. 1939) van Kaapstad is die ander.) Mev. Van Niekerk (Anneke Rossouw (B.A. 1945) was op haar dag onder die voorste B.T.-Kaners en was van die eerste klublede wat hul vaandel (of sal ons sê rugsak?) tot bo-op Kilimanjaro gedra het. Bill en Anneke het tot onlangs naby Wellington geboer.

*Mnr. W. S. van Dyk* (B.Sc. 1944, B.Sc. 1946), is verbonde aan die departement van die Stadsingenieur te Virginia, O.V.S.; *mnr. J. P. Smit* (M.A. 1955) is Direkteur van Bantoesake en *mnr. T. D. Bucknall* (B.A. 1947) Reklamebeampte op die Virginiase Goudveld.

Die volgende is 'n groepie van die oud-Maties wat verbonde is aan die De Beers-fabriek op Somerset-Wes: Mnr. R. J. W. de Leeuw, M.Sc.; P. D. de Wet, B.Sc.; F. F. Pratt, M.Sc.; C. S. F. A. le Riche, B.Sc.; E. R. Jordaan, B.Sc.; A. Heyns, B.Sc.; D. P. J. Vermeulen, B.Sc.; P. J. Jordaan, B.Sc. (Landb.); J. J. Jordaan, B.Sc.; T. R. Gibbon, B.Sc.


*Dr. E. G. Malherbe* (M.A. 1918), Hoof en Vise-kanselier van die Universiteit van Natal sedert 1945, het onlangs sy vyfde ere-doktorsgraad, hierdie keer van die Universiteit Kaapstad, ontvang. Oud-Matie E. G. Malherbe het die M.A.-graad in Wysbegeerte in die mondigwordingsjaar van ons Universiteit verwerf.

Twee oud-professore van die Universiteit van Stellenbosch, die broers *I. de V. en F. E. J. Malherbe* word vanjaar deur die Akademie vir Wetenskap en Kuns vereer vir hul werk op hul onderskeie terreine. Prof. I. de V. Malherbe ontvang die Havenga-prys vir sy wetenskaplike publikasies, waaronder dié oor die funksie van humus in grondvrugbaarheid die vernaamste is. Prof. F. E. J. Malherbe het in Junie vanjaar die Stalsprys vir literatuurwetenskap ontvang, hoofsaaklik op grond van sy letterkundig-kritiese werk.

## KLIPDRIF-BOERSEUN EN OUD-MATIE KLIM HOOG IN V.S.A.

UIT die verre Kalifornië verneem ons dat dr. Albert Sydney Raubenheimer, vise-president van die Universiteit van Suid-Kalifornië, eersdaags aftree na veertig jaar diens aan die onderwys, 'n groot deel waarvan gewy is aan voortreflike baanbrekerswerk op die gebied van die Opvoedkundige Sielkunde.

Uit die oud-studenteblad van daardie Universiteit, „Alumni Review" word ons beïndruk, nie slegs deur die akademiese en organisatoriese prestasies van „Raubie" (soos hy op die campus bekend is) nie, maar veral deur sy



*Dr. A. S. Raubenheimer.*

aandeel in die gesonde uitbreiding en die skepping van 'n godsdienstige klimaat vir die jongmense aan die Universiteit. „Dr. A. S. Raubenheimer ran the Faculty job gamut", lui die getuienis van „Alumni Review".

Albert Sydney, één uit 'n gesin van twaalf, is in 1892 op die plaas „Die Wieg" op Klipdrif in daardie bekoorlike nòg George- nòg Oudtshoorn-wêreld gebore. Hy gaan skool op Franschhoek waar wyle dr. Gawie Cillié hom blywend beïnvloed het. In 1909 is hy student aan die Viktoria-Kollege en behaal later die M.A.-graad aan U.K. As jong onderwyser swerf hy wyd oor sy vaderland en dan oor Amerika („I covered quite a bit of Geography," skrywe hy uit Los Angeles).

Dr. Raubenheimer het Suid-Afrika twee keer sedert sy vertrek in 1920 besoek — in 1926 en 1952. Hy praat Afrikaans nog vlot, seker omdat hy deur al die jare heen op „Die Burger" ingeteken het. Oud-Maties wat 'n besoek aan die Universiteit van Suid-Kalifornië gebring het (onder wie ook ons huidige Rektor, prof. H. B. Thom), getuig van die warmte van die gasvryheid waarmee hierdie hoflike boerseun hul ontvang het.

# ONS ONTHOU HULLE

## OTTO DU PLESSIS

DIE plotselinge heengaan op 28 April vanjaar van *dr. J. H. O. du Plessis* (M.A., D.Phil. (1943)), in lewe Administrateur van Kaapland, het as 'n skok vir alle Kaaplanders en oud-Maties gekom.



*Wyle dr. Otto du Plessis.*

Johannes Hendrik Otto du Plessis is op 23 Februarie 1906 op Vanrhynsdorp gebore. Na sy skoolopleiding te Bredasdorp het hy in 1924 ingeskrywe as student aan die Universiteit van Stellenbosch. Nadat hy die M.A.-graad aan die Universiteit van Suid-Afrika behaal het, promoveer hy in 1943 aan die Universiteit van Stellenbosch.

Otto du Plessis het sy vorming vir diens in die openbare lewe in die harde skool van die joernalistiek ontvang terwyl hy oor 'n tydperk van 20 jaar hom onderskei het as redaksielid en redakteur van toonaangewende koerante.

Tussen die jare 1948-1953 is hy deur die Regering tot Direkteur van Staatsinligting aangestel, totdat hy in laasgenoemde jaar Volksraadslid vir Stellenbosch geword het. Soveel vertroue en verdienstelikheid het wyle dr. Du Plessis in hom verenig, dat hy in 1948, ná slegs vyf jaar in die Volksraad, benoem is tot Administrateur van Kaapland.

Sy voortreflike menslike hoedanighede van wellewendheid, vriendelikheid en beskeidenheid, gepaard met sy geesdrif, offervaardigheid en werkywer, het hom tot gewilde en gewaardeerde Administrateur verhef.

Deur die noue voeling wat „dr. Otto" met Stellenbosch en sy Alma Mater geskep en gehandhaaf het, het hy vir hom 'n besondere plek in die hart van sy ou Universiteit verseker, terwyl hy op sy beurt met besondere dienste vergoed het. In die twee jaar van die dienstyd van dr. Du Plessis, toe die Universiteit, veral in verband met sy Fakulteite van Geneeskunde en Opvoedkunde, met hom saamgewerk het, het die Universiteitsowerhede steeds in hom 'n ware vriend van die jeug en vaste steunpilaar van wetenskaplike studie gevind.

## J. P. (MANNETJIES) MICHAU

MET sy onverwagte heengaan op 22 Mei van *J. P. Michau* (1915-1920) van Cradock, het 'n oud-Matie ons ontval wat op sy dag 'n sieraad op die rugbyveld en die trots van sy Alma Mater en sy land was.

Die voetbalprestasies van „Mannetjies" Michau herinner aan 'n heel besondere glorietydperk in die geskiedenis van rugby in Matieland. Matie-spelers van die twintiger- en vroegdertigerjare het met die name van die skakelpaar — Mannetjies Michau—Sas de Kock as 'n legendariese wonder kennis gemaak. Op sig-



*Wyle mnr. J. P. Michau.*

self genome was die rugbyloopbaan van Michau indrukwekkend:

Stellenbosch: 1918, 1919, 1920, 1921.

W.P.: 1919, 1920, 1921.

U.K.—U.S.: 1919.

O.P.: 1924 (kaptein).

Kaapkolonie: 1924

Suid-Afrika (toer na Nieu-Seeland): 1921.

In die rugbygeskiedenis van Matieland bly dit 'n merkwaardige prestasie dat die volle Matie-agterlyn van 1919 in die W.P.-span opgeneem is teen die Nieu-Seelandse Weermag-span. Die name van hierdie manne roep oor die lengte en breedte van ons land trotse gewaarwordinge wakker:

Skakels: Mannetjies Michau en Sas de Kock.

Senters: Johnnie Strasheim en Tinie Krige.

Vleuels: P. K. Albertyn en Attie van Heerden.

Mannetjies Michau was nie slegs 'n skitterende skrumskakel en veelsydige speler nie, maar tewens ook 'n goeie sportman. Sy belangstelling in rugby het tot sy dood lewendig gebly, terwyl hy dwarsdeur 'n vrugbare lewe steeds getrag het om diens terug te gee aan die spel waaraan hyself met soveel genot en onderskeiding deelgeneem het.

Op Saterdag, 21 Mei, is *mnr. J. F. (Swys) Coetzee* (B.A., LL.B., 1959) en sy eggenote *(mej. Hélène Coetzer* (M.A., 1957) in 'n motorongeluk by Pienaarsrivier, Transvaal, gedood. Beide mnr. en mev. Coetzee het hul op Stellenbosch onderskei.

Swys Coetzee was 'n rugbyspeler na die toeskouer se hart — iemand wat elke minuut van die spel terdeë geniet en hom ten volle daarin uitgeleef het. Hy het ses jaar vir die Maties en daarna vir Tuine gespeel. Hy het die W.P. as vleuel en heelagter verteenwoordig en was lid van die span van die Suid-Afrikaanse Universiteite wat Europa besoek het. Later het hy vir Noord-Transvaal gespeel en in 1958 as Junior Springbok teen die Franse.

Wyle mev. Coetzee was 'n besonder verdienstelike student met 'n voortreflike studierekord.

*Mnr. J. J. (Jappa) Bredell* (B.A. 1944), welbekend in rugbykringe, is op 22 Junie in 'n motorongeluk gedood. Jappa, wat naby Klapmuts geboer het, het tussen 1943 en 1952 groot voetbal vir Stellenbosch, W.P. en Boland gespeel.

*Dr. P. A. Grobbelaar* (M.A., D.Phil. 1941), hoof van die hoërskool op Napier het op 24 April beswyk nadat hy deur 'n motor omgery is.

*Matieland* betuig hiermee sy opregte meegevoel met die naasbestaandes van bogenoemde oud-Maties wat ons ontval het.

---

# BRIEWEBUS

MEJ. M. L. FERNHOUT van Lydia, Stellenbosch deel mee dat die Atletiekklub reeds 77 jaar bestaan en dat die rekords, verslae en notules van die Klub tot en met 1933 merkwaardig volledig is. As gevolg van 'n „tragiese misverstand" is alle stukke na 1933 egter vernietig. Die Bestuur van die Atletiekklub doen nou 'n dringende beroep op oud-atlete, oudstudente en belangstellendes om die bres te probeer heel deur enige moontlike bruikbare informasie en stukke aan haar of aan *Mnr. B. P. van Zyl, Dorpstraat 99, Stellenbosch* te stuur. *Matieland* wil die Atletiekklub graag steun in hierdie belangrike saak en vertrou dat oud-atlete naarstiglik hand sal bysit. (Rig korrespondensie asseblief direk aan bogenoemde persone.)

*Mnr. D. le R. du Toit* (M.Sc. 1930) van Worcester vertel in 'n onderhoudende geselsbriefie van sy werk as Hoof van die Skool vir Kleurlingdowes aldaar. Mev. Du Toit (Lenie

du Toit 1926-1929) was primaria van Crozierhuis (wat intussen van gedaante en geslag verander het, mevrou! — Red.). Mnr. en mev. Du Toit het einde Junie op 'n uitgebreide reis na die buiteland vertrek, waar hul, so tussen die ruspouses deur, in verskeie lande skole en inrigtings sal besoek ten einde die jongste vordering en rigtings op die gebied van die onderrig van afwykendes, meer bepaald die toepassing van elektro-akoestiek by die onderwys van dowes, te bestudeer.

Mnr. Du Toit verseker ons dat sy ou Matiedas saamgaan. (Tog jammer dat ons oud-Matiebaadjie nog nie gereed is nie, dan was die ganse oorsese „wardrobe" sommer agtermekaar.— Red.)

*Mnr. J. N. Malan* (B.Sc. (Landbou) 1948) skryf uit Fort Beaufort dat hy en mev. Malan (mej. Henriëtte Malherbe (B.A. 1947)) tans op die plaas Rietbron in daardie geskiedkundige wêreld boer. Met 'n onlangse besoek aan Pretoria het mnr. Malan 'n heel besondere ete saam met verskeie oud-Maties belewe. Mnr. en mev. Malan was trots om die uitmuntende konsert deur Hanlie van Niekerk — oud-Huis ten Boscher — op Oos-Londen te kon bywoon.

*Mnr. H. C. Viljoen* (B.Sc., B.Ing. 1959) van St. Albans, Herts, Engeland, wat tans 'n tweejarige nagraadse kursus by Marconi College volg, deel mee dat die „boikots, protesbewegings en anti-Suid-Afrikaanse veldtog die lewe vir ons Boere hier in Engeland soms effens onaangenaam maak". Hy verbly hom in die vooruitsig na 'n spoedige terugkeer, verlang na ons sonskyn en stuur groete aan alle Maties.

*Mnr. en Mev. D. H. Bester* (B.Sc. 1948) van Zebediela-Landgoed, Noord-Transvaal, skryf dat hul *Matieland*-nuus oor oud-Maties gretig lees en stuur ons 'n mooi tjekkie. (Hoe het oud-Matie mev. Bester die van gevoer?— Red.)

*Prof. Danie Craven* verneem of oud-Maties (en veral die ou oud-Maties) meer kan vertel van George St. Leger Devenish (Long George) wat in 1896 vir Suid-Afrika gespeel het en tussen 1924 en 1938 'n S.A. keurder was. Long George is in Swellendam gebore. Kan iemand prof. Craven moontlik 'n foto van Devenish laat toekom?

*Mnr. R. J. W. de Leeuw* (M.Sc. 1937), Hoofskeikundige by die De Beers-fabriek, Somerset-Wes, gebore en geskool op Stellenbosch, stuur 'n lywige tjekkie en praat mooi van *Matieland*. Op die gevaar af dat hy vrees hy „sal nog bedryfsongesteldheid wat hul ‚briefskryf' noem, opdoen", laat hy ons goedgunstelik die name van nie minder as tien oud-Matiekollegas toekom, waarvoor ons hom opreg dankie sê. Mnr. De Leeuw is ondeund-taktvol as hy die hoop uitspreek dat die oud-Matiebaadjie voor Kersfees beskikbaar sal wees!

# DIE „MATIELAND"-FONDS

TOT op 20 Maart 1960 het ons lesers £888 13s. 7d. tot die Fonds bygedra. Sedertdien is van die volgende persone bydraes ontvang wat ons hiermee met dank en waardering erken:


| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Totaal (tot 20 Maart 1960) .... .... | 888 | 13 | 7 |

| *Naam en Adres* | *Bedrag* £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Anonieme Skenkings .... .... .... .... | 4 | 0 | 0 |
| Andrag, Mev. M. E. L., Serpentineweg 1, Oranjezicht, Kaapstad .... .... .... .... | 3 | 3 | 0 |
| Bester, Mnr. en Mev. D. H., Zebediela-Landgoed, Pk. Koringpunt, Tvl. .... .... | 3 | 3 | 6 |
| Bosch, Mnr. J. F., Brandwag, Mosselbaai | 1 | 0 | 0 |
| Bosman, Dr. en Mev. A. E. F., Du Preezstraat 41, Heidelberg, Tvl. .... .... | 2 | 0 | 0 |
| Botha, Mnr. en Mev. C. V., Posbus 2351, Windhoek, S.W.A. .... .... .... | 1 | 0 | 0 |
| Bredenkamp, Mnr. en Mev. R. P., Posbus 518, Bloemfontein .... .... .... | 2 | 0 | 0 |
| Bruwer, Dr. en Mev. J. L. O., Posbus 26, Welwitschia, S.W.A. .... .... .... .... | 1 | 1 | 0 |
| Burger, Mev. C., Posbus 82, Clocolan, O.V.S. .... .... .... .... .... .... .... .... | 1 | 1 | 0 |
| Cilliers, Mnr. C. A., Pretoriusstraat 990, Arcadia, Pretoria .... .... .... .... .... .... | 1 | 1 | 6 |
| Coetzee, Mnr. en Mev. D. J., Posbus 55, Wepener .... .... .... .... .... .... .... .... | 1 | 1 | 0 |
| De Jager, Mnr. J. B., Vyfde Laan 14, Cradock .... .... .... .... .... .... .... | 1 | 0 | 0 |
| De Leeuw, Mnr. R. J. W., Hoofskeikundige, African Explosives & Chemical Industries Ltd., Pk. Dinamietfabriek, Somerset-Wes .... .... .... .... | 5 | 0 | 0 |
| De Vos, Kol. P. J. G., Militêre Akademie, Saldanha .... .... .... .... .... | 1 | 0 | 0 |
| De Waal, Mnr. M. T., Stadsingenieur, Posbus 2, Bellville, K.P. .... .... .... .... | 1 | 0 | 6 |
| Du Toit, Ds. G. P., Posbus 14, Lutzville .... .... .... .... .... .... .... .... .... | 0 | 10 | 0 |
| Ferreira, Mnr. P. H., Kamer 402, A.A.-Gebou, Smithstraat 537, Durban .... | 1 | 1 | 0 |
| Fourie, Mnr. L. P. J., Posbus 99, Rhebokrand, Philippolis, O.V.S. .... | 1 | 1 | 0 |
| Fourie, Mnr. L. P. J., Hoërskool, Trompsburg .... .... .... .... .... | 1 | 0 | 6 |
| Gonin, Mnr. P., Posbus 657, Kaapstad | 1 | 1 | 0 |
| Hall, Regter C. G., Hooggeregshof, Windhoek, S.W.A. .... .... .... .... .... | 1 | 0 | 3 |

| | £ | s | d |
|---|---|---|---|
| Hattingh, Mev. M. M., Nelsonweg 145, Turffontein-Wes, Johannesburg .... .... | 1 | 0 | 0 |
| Hefer, Mnr. F. P., Kilburnstraat 35, Horison, Roodepoort, Tvl. .... .... .... | 1 | 1 | 6 |
| Heyns, Dr. T. J., P/s X77, Bloemfontein .... .... .... .... .... .... .... .... | 1 | 0 | 0 |
| Hofmann, Mej. M., Hoër Huishoudskool, Zastron, O.V.S. .... .... .... .... .... | 2 | 0 | 0 |
| Hofmeyr, Dr. S., Posbus 277, Windhoek, S.W.A. .... .... .... .... .... .... .... .... | 1 | 1 | 6 |
| Hofmeyr, Dr. S. J. G., Senior Inspekteur van Landbou-onderwys, Cayuga, Paarl | 1 | 1 | 6 |
| Holzapfel, Mnr. C. R., Queen's Crescent 420, Lynnwood, Pretoria .... .... .... .... | 1 | 0 | 6 |
| Hough, Mnr. M. A., Anglo American Corporation, Mainstraat 45, Johannesburg .... .... .... .... .... .... .... .... | 1 | 1 | 0 |
| Joubert, Mnr. T. J., Santam Bpk., Posbus 653, Kaapstad .... .... .... .... .... .... | 1 | 1 | 0 |
| Kotzé, Mev. L., Sendingpastorie, Bonnievale .... .... .... .... .... .... .... .... .... | 1 | 1 | 0 |
| Kreuser, Mnr. F., Brandwag-Seunshostel, Piet Retiefstraat, Uitenhage .... .... .... | 2 | 2 | 6 |
| Krige, Mnr. S. A., Posbus 16, Aliwal-Noord .... .... .... .... .... .... .... .... .... | 1 | 1 | 6 |
| Kritzinger, Ds. M. J., Kaapweg 169, Port Elizabeth .... .... .... .... .... .... | 1 | 0 | 6 |
| Kuhn, Mnr. W. A., 19de Laan 322, Villieria, Pretoria .... .... .... .... .... | 2 | 0 | 0 |
| Le Roux, Mnr. A. P., Plantasiestraat 29, Caledon .... .... .... .... .... .... .... .... | 1 | 1 | 0 |
| Le Roux, Mnr. J. B., Montana, Suider-Paarl .... .... .... .... .... .... .... .... | 2 | 0 | 0 |
| Malan, Mnr. en Mev. J., Rietfontein, Posbus 2, Fort Beaufort .... .... .... .... | 1 | 1 | 6 |
| Marais, Mnr. D. B., Die Rand 321, Lynnwood, Pretoria .... .... .... .... | 1 | 0 | 6 |
| Marais, Dr. W. D., Bosberg, Bergvliet, K.P. .... .... .... .... .... .... .... .... | 1 | 1 | 0 |
| Marincowitz, Mnr. C. C., Loopstraat 15, Welkom .... .... .... .... .... .... .... .... | 1 | 0 | 6 |
| Neethling-Pohl, Mev. A., S.A.U.K., Uitsaaihuis, Commissionerstraat, Johannesburg .... .... .... .... .... .... .... .... .... | 1 | 0 | 6 |
| Nel, Mnr. L. T., Plathuis, Bedford .... | 1 | 1 | 6 |
| Niehaus, Dr. C. J. G., Die Hoek, Hoofstraat 40, Suider-Paarl .... .... .... .... | 2 | 0 | 6 |
| Nigrini, Mnr. L. P., Posbus 112, Zeerust, Tvl. .... .... .... .... .... .... .... .... .... | 1 | 0 | 0 |
| O'Kennedy, Mnr. H. F., Joubertstraat 19, Montagu .... .... .... .... .... .... | 0 | 10 | 0 |
| Pauw, Dr. en Mev. T., Glengariffhof 17, Drieankerbaai, K.P. .... .... .... .... | 2 | 0 | 0 |
| Pauw, Mnr. T., Maraisstraat 106, Strand, K.P. .... .... .... .... .... .... .... .... | 2 | 0 | 0 |
| Peens, Mnr. J. G., Posbus 82, Potgietersrus .... .... .... .... .... .... .... .... | 3 | 3 | 6 |
| Pienaar, Mnr. C. J., Posbus 68, Thaba Nchu, O.V.S. .... .... .... .... .... .... | 1 | 0 | 0 |
| Pienaar, Mnr. J. H., Truterstraat 14, Robertson .... .... .... .... .... .... | 1 | 0 | 6 |
| Potgieter, Mnr. D. J., Belvederelaan 21, Oranjezicht, Kaapstad .... .... .... .... | 1 | 0 | 0 |
| Pretorius, Mnr. E. de C., Elektrisiteitsafdeling, Posbus 113, Potchefstroom | 1 | 0 | 0 |
| Prinsloo, Mev. M., Maraisstraat 6, Heidelberg, Tvl. .... .... .... .... .... .... | 1 | 0 | 0 |
| Rautenbach, Ds. W., N.G. Pastorie, Posbus 47, Klawer .... .... .... .... .... | 1 | 1 | 0 |
| Retief, Mej. N., Die Vlakteskool, Standerton, Tvl. .... .... .... .... .... .... .... | 1 | 0 | 0 |
| Richards, Mnr. P., Posbus 1283, Salisbury, S.R. .... .... .... .... .... .... .... | 1 | 1 | 6 |
| Robertson, Kol. G. N., Hoofkwartier, Kommandement Noord-Transvaal, Voortrekkerhoogte, Pretoria .... .... .... | 1 | 1 | 0 |
| Rossouw, Mnr. G. J., Goree, Robertson, K.P. .... .... .... .... .... .... .... .... .... | 3 | 3 | 0 |
| Schumann, Mev. B., Andersonstraat 73, Brooklyn, Pretoria .... .... .... .... .... | 1 | 0 | 0 |
| Sievers, Mev. U., Neudam-Landboukollege, P/S Windhoek, S.W.A. .... .... | 1 | 0 | 0 |
| Smit, Mnr. D. J., Moultonlaan 34, Waverley, Pretoria .... .... .... .... .... | 1 | 0 | 0 |
| Smit, Mnr. G. E., Von Wiellighstraat 345, Pretoria .... .... .... .... .... .... .... | 1 | 1 | 0 |
| Smit, Mej. R. C., Hoërskool vir Meisies, Worcester .... .... .... .... .... .... .... | 2 | 0 | 6 |
| Stassen, Mnr. S. L., „The Bend" 16, Pinelands .... .... .... .... .... .... .... .... | 1 | 1 | 0 |
| Steyn, Mnr. C. G., Challonsleigh, Pk. Eerstegoud, Noord-Transvaal .... .... .... | 1 | 1 | 6 |
| Steyn, Mnr. J. F., Hoërskool J. J. du Preez, Parow, K.P. .... .... .... .... | 0 | 10 | 6 |
| Terblanché, Mnr. J. P., Posbus 10, Avontuur .... .... .... .... .... .... .... .... | 1 | 10 | 0 |
| Theron, Mnr. C. E., Beckerstraat 25, Ladismith, K.P. .... .... .... .... .... .... | 1 | 0 | 0 |
| Theron, Mnr. J., Posbus 173, Rustenburg | 1 | 0 | 0 |
| Theron, Mnr. T. A., 8ste Straat 83, Menlopark, Pretoria .... .... .... .... .... | 1 | 0 | 0 |
| Van der Dussen, Mnr. A., Departement van Bosbou, Privaatsak 649, Louis Trichardt .... .... .... .... .... .... .... | 1 | 0 | 0 |
| Van der Merwe, Mnr. B., Posbus 77, Lynnwood, Pretoria .... .... .... .... .... | 1 | 1 | 0 |
| Van der Merwe, Mnr. C. T., Middel Kop, Murraysburg .... .... .... .... .... .... | 1 | 0 | 0 |
| Van der Walt, Mnr. T. J., Hoër Tegniese Skool, Langlaagte .... .... .... .... .... | 0 | 10 | 0 |
| Van der Westhuizen, Dr. P. C., Streatleylaan 13, Aucklandpark, Johannesburg | 2 | 2 | 6 |
| Van der Westhuizen, Mnr. W. J., Universiteitskantoor, Stellenbosch .... .... .... | 1 | 0 | 0 |
| Van Eeden, Mnr. T. A., Posbus 207, George .... .... .... .... .... .... .... | 0 | 16 | 6 |
| Van Heerden, Dr. Ernst, Departement Afrikaans-Nederlands, Universiteit van die Witwatersrand, Johannesburg .... | 1 | 0 | 0 |
| Van Heerden, Mev. R. E., P/a Volkskas, Pietersburg, N.-Tvl. .... .... .... .... .... | 2 | 0 | 0 |
| Van Niekerk, Mnr. en Mev. C. A., Posbus 35, Calvinia .... .... .... .... .... .... | 2 | 2 | 0 |
| Van Renen, Mnr. J. C., Renlou, Tulbaghweg, Milnerton, K.P. .... .... .... .... .... | 1 | 0 | 6 |
| Van Rensburg, Mnr. I. W. J., Laerskool, Posbus 1071, Prieska .... .... .... .... | 1 | 0 | 0 |
| Venter, Mnr. C. R., Posbus 13, Kaapstad | 1 | 0 | 0 |
| Vermooten, Adv. D. O., His Majesty's-gebou 1000, Eloffstraat, Johannesburg | 2 | 2 | 6 |
| Viljoen, Mnr. A. J., Hoërskool, Willowmore .... .... .... .... .... .... .... .... .... | 1 | 0 | 0 |
| Wassermann, Mnr. V. D., S.E. Landboukollege, Stellenbosch .... .... .... .... .... | 1 | 0 | 0 |
| Wiid, Mnr. en Mev. S. C., Emmarentia Geldenhuysskool, Warmbad, Tvl. .... | 1 | 6 | 6 |
| Wittmann, Dr. J. H. W., Deputasiestraat 153, Vryheid .... .... .... .... .... .... | 1 | 0 | 0 |
| Totaal (tot 5 Julie 1960) .... | £1,008 | 4 | 10 |

L.W.: Alle tjeks en posorders moet asseblief aan die „Matieland"-fonds betaalbaar gemaak word.

# Staal VIR VOORUITGANG!

Staal is die slagaar van vooruitgang in elke nywerheidsland. In die Unie word meer as 70 persent van alle staal wat verbruik word, deur die Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie, Beperk — algemeen bekend as Yskor — voorsien.

Vier-en-twintig uur elke dag en sewe dae elke week word staal in Yskor se reuse-werke in Pretoria en op Vanderbijlpark vervaardig .... altesaam sowat 1,800,000 gietblokton per jaar. Grootskaalse uitbreidings wat tans aan die gang is, sal hierdie werke se totale produksievermoë weldra verhoog tot 2,350,000 gietblokton per jaar!

Meer staal beteken meer werk en meer arbeidskragte. Yskor het die dienste nodig van metallurgiese, chemiese, werktuigkundige, elektrotegniese en mynboukundige ingenieurs, terwyl gegradueerdes in wetenskappe, die lettere en handel in die onderneming se navorsings- en administratiewe departemente geplaas kan word.

Werknemers geniet die voordele van 'n pensioenskema, mediese bystand, 'n vakansiebonus, 'n huiseienaarskema, ontspannings- en ander welsynfasiliteite. Verdere studie word aangemoedig deur die verskaffing van omvattende onderwysgeriewe.

Het u al 'n loopbaan in die staalbedryf oorweeg? Indien wel, mag dit u loon om nadere besonderhede aan te vra by die Bestuurder, Departement Personeel.

**SUID-AFRIKAANSE YSTER EN STAAL INDUSTRIËLE KORPORASIE, BEPERK**

**POSBUS 450** **PRETORIA**




# Elke Sigaret 'n Meesterstuk

Die tegniese vaardigheid van die ou meesters en hulle strewe na die beste, leef voort in die vervaardiging van Rembrandt VAN RIJN sigarette. 'n Volmaakte pakkie sigarette is die saamgestelde resultaat van talle klein verbeterings. In Rembrandt VAN RIJN is hierdie doel verwesenlik.

Dit is gemaak vir diegene wat liewer rook vir genot as bloot uit gewoonte . . . en vir wie prys sekondêr is. As u 'n kieskeurige roker is, weet ons dat u meer genot uit VAN RIJN sal kry Koop gerus nog vandag 'n pakkie VAN RIJN. Die wêreld se eerste lang sigaret met filtermondstuk . . . en die beste.

*Rembrandt*
**VAN RIJN**
**FILTER DE LUXE**

**DIE WÊRELD SE EERSTE LANG SIGARET MET FILTERMONDSTUK**

VRFA — 51 Q

Gedruk deur Nasionale Handelsdrukkery, Bpk. — Elsiesrivier